# HOOFSTUK VI.

## DIE RASIONALISME.

### 1. GRONDGEDAGTES VAN DIE RASIONALISME.

#### (a) Inleiding.

Die proses van emansipasie wat die mens sedert die Humanisme en die Realisme konsekwent losgewoel het van God, is in die agtiende eeu finaal voltrek en het die mens volkome van sy Godsgeloof losgeruk. Hierdie emansipasie, sê Bavinck, is niks anders as die strewe om alles te sekulariseer, te verwêreldlik nie; om die ganse wêreld en alles wat daarin is los te maak van God, van Sy woord en Sy wil; om alle dinge selfstandig te verklaar en alleen die mens self tot wet te maak; in die grond is dit niks anders as ateïsme aan die eenkant en outonomie van die skepsel aan die anderkant 1). Terwyl die Renaissance-humanis van die sestiende, en die empiriese realis van die sewentiende eeu nog steeds die een oog op die ewige gehou het 2), het die outonome rasionalis en naturalis van die agtiende eeu op gesag van Haar Majesteit, die Rede, dus openlik aan die Christendom die oorlog aangesê, en openlik die slagordes opgestel: teen die Openbaring, die Rede, teen die Evangelie, die Revolusie. Die agtiende eeu het homself geroem as die Eeu van die Verligting; in werklikheid was dit die Donker Eeu van die menslike beskawing, omdat dit die lig van die Godsopenbaring uitgedoof en die dwaallig van die menslike rede tot leidstar gekies het. Dit word geroem as die eeu van die bevryding van die individu, waarin hy die laaste boeie van kerk, staat en maatskappy kon afskud, wat sy intellektuele vryheid beperk en hom sy natuurlike menseregte weerhou het 3); maar dis ook die eeu van die Franse Revolusie, die chaos van die skrikbewind, en hemeltergende bandeloosheid van die leuse: „Geen God, geen meester!" Dis die eeu waarin die geskreeu om vryheid

---

1. Bavinck : Hedendaagsche Moraal, p.26.
2. Coetzee, Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, p.187.
3. Duggan : A Student's Textbook in the History of Education, p.195.

slegs deur die rumoer van brutale geweldpleging teen gesag oordonder word. Voltaire se haat-siedende kreet teen die kerk: „Weg met die ellendeling!" versinnebeeld die gesindheid van die eeu teenoor alle gesag. Die beginsel van die nuwe lewensfilosofie was die Soewereiniteit van die Rede; die resultaat was Godversaking, nee, vyandskap teen God en Sy gesag op alle lewensterreine, want „de revolutie-leer is de religie van het ongeloof" 1). So is deur die aanbidding van die menslike rede as hoogste gesag die akker voorberei vir die volslae ongeloof van die „moderne heidendom" 2).

Die nuwe gees het hom in verskillende lande en tydperke in verskillende vorme openbaar, en staan onder verskillende benaminge bekend, elk met 'n eie betekenis-nuansering. Die Engelse empirisme, die Franse rasionalisme en die Duitse Aufklärung 3) word gewoonlik almal onder die naam Rasionalisme saamgevat om die geestesrigting van die eerste helfte van die eeu aan te dui; terwyl in die tweede helfte die vryverklaarde natuurmens deur die Naturalisme die weg baan vir die revolusie. By alle verskil 4) tussen Rasionalisme en Naturalisme is daar by albei die gemeenskaplike beginsel dat hulle „in wezen revolutionair, immers onhistorisch zijn" 5), dat hul gesamentlik die opstand teen alle gesag ten toppunt voer, en die soewereiniteit van die rede tot enigste gesag verklaar. Met Coetzee kan ons nietemin die volgende onderskeiding tref: „Terwyl gedurende die vroeë agtiende eeu die opstand gegaan het veral teen die kerklike en godsdienstige gesag, gaan dit gedurende die tweede helfte daarvan veral teen die staatkundige gesag. Die eerste opstand word gedra deur die rasionalisme veral van Voltaire en sy geesgenote, en die tweede geïnspireer deur die naturalisme van Rousseau en sy volgelinge" 6). In die

---

1. Groen van Prinsterer: Ongeloof en Revolutie, p.132.
2. Coetzee: Opvoedk. Teorie en Praktyk deur die Eeue, p.187.
3. Hoewel die naam „Aufklärung", streng geneem, eintlik aan die bloeitydperk van Frederik die Grote, 1740-1790, gegee word.
4. Sien Coetzee: ibid., pp.187-8.
5. Waterink: De Geschied. der Paedagogiek, p.805.
6. Coetzee : ibid., p.187. Cf. Duggan: A Student's Textbook in the Hist. of Educ., p.195.

gees hiervan behandel ons dan in hierdie hoofstuk die vraagstuk van vryheid en gesag in die opvoeding soos deur die rasionalisme gesien, om in die volgende by die standpunt van die naturalisme stil te staan.

(b) Wese van die Rasionalisme.

Reeds uit die name Rasionalisme en Aufklärung blyk 'n besondere standpunt ten opsigte van gesag en vryheid. Willmann herinner aan die letterlike betekenis van die naam Aufklärung, nl. dat uit die geestelike horison allerlei opvattinge, meninge en oordele wat slegs op tradisie berus, verdryf word deur die lig van die redenering, die verstandelik-kritiese betragting wat die subjek vanuit sy eie standpunt instel oor alles wat bestaan. Van hierdie selfdenke word nie alleen 'n intellektuele, maar ook 'n morele resultaat verwag: dit moet gelyktydig met die gebondenheid van die mens ook die onmondigheid ophef, waarin die tradisie en die instellings van die verlede hom vasgehou het. Hierdie bevryding en selfstandigmaking van die individu is beskou as die voorwaardes vir sy geluk 1). Volgens H.Schmidt se „Philosophisches Wörterbuch" 2) moet ons onder Aufklärung verstaan „die bevryding van die gees te van die druk van oorgelewerde vooroordele en die verspreiding van juiste, werklikheidsgetroue en op die rede gegronde insigte". Kant self, die grootste van die Aufklärungsfilosowe, interpreteer Aufklärung as „die uittrede van die mens uit die onmondigheid wat hy aan homself te wyte het" 3), en por hom aan om die moed te hê om sy verstand te gebruik. Uit hierdie interpretasies blyk reeds dat die mens hom ten enemale van alle tradisionele gesag wou vrymaak en dat hy oortuig was dat hierdie vryheid hom alleen sou toelag indien hy die moed sou hê om sy eie ratio as hoogste gesag te erken en alles daaraan te onderwerp.

---

1. Willmann : Didaktick als Bildungslehre, p.233.
2. Schmidt : Philosophisches Wörterbuch, p.53.
3. Kant : Werke IV, ed.Hartenstein, p.161. Aangehaal deur Willmann ibid., p.232, Voetnoot.

Ook uit die stamboom van die Rasionalisme blyk dat dit 'n kind van die verset teen bestaande gesag is. Willmann toon aan dat, wanneer in die opvoeding deur die eeue 'n beweging inhoudloos of uitgedien raak, die normale neiging tot opruiming van ou waardelose oorblyfsels en sinlose tradisies sterker opflikker en abnormale belangstelling geniet. Gewoonte en tradisie word voor die regbank van die redenerende verstand gedaag, en volgens die maatstaf van die individuele rede gemeet. In dié sin was die Sofiste, Sokrates en die Stoïsyne reeds rasionaliste 1). In dié sin het ook die Humanisme (kragtens die beginsel) en selfs die Hervorming (ondanks die beginsel) deur hul verset teen gesag en hul ywer vir die vryheid van die mens, die terrein vir die Rasionalisme voorberei. „Die Humanisme het die goddelike gesag in beginsel verwerp en die menslike in die plek daarvan gestel, die Reformasie het die kerklike gesag in beginsel verwerp en die goddelike in die plek daarvan gestel. Maar die gevolge van die twee standpunte was grotendeels dieselfde: die mens het sy grenspale uitgetrek en verskuif en oortree, en ten slotte het die Humanistiese rigting die rede van die mens tot wet van die lewe verhef, en alhoewel die Reformatoriese rigting die Wet van God bly handhaaf het as die wet van die lewe, het baie sogenaamde Protestante meegegaan met die rede-aanbidding" 2). Die Realisme van die sewentiende eeu het 'n stap verder gegaan; Bacon het die gesag van die goddelike Openbaring op die gebied van die teologie nog erken, maar op die terrein van die filosofie slegs die menslike rede. In die wetenskap en wysbegeerte het hy vryheid van denke en ondersoek geëis, en dus die hoeksteen van die ongelowige wetenskap gelê 3). Van hierdie strategiese punt af was dit vir die Rasionalisme van die agtiende eeu maklik om ook nog die laaste vesting van die geloof aan die Godsopenbaring, die godsdiens,

---

1. Willmann : Didaktik als Bildungslehre, pp. 231-2.
2. Coetzee : Opvoedkg. Teorie en Praktyk deur die Eeue, p. 174.
3. Sien bo, Hfst. V, p. 221.

stormenderhand binne te dring en 'n natuurlike godsdiens, los van die Openbaring, te proklameer.

Descartes, die grondlegger van die rasionalistiese filosofie, het die laaste band aan die goddelike waarheid deurgehak, volledig tabula rasa gemaak met alle gesag, hetsy van Aristoteles, hetsy van die Openbaring, en 'n eie filosofie de novo begin opbou - vanuit 'n nuwe uitgangspunt, namelik twyfel in plaas van geloof 1). Met Bacon het hy geredeneer: „If a man will begin with certainties, he shall end in doubts; but if he will be content to begin with doubts, he shall end in certainties" 2). Die geopenbaarde waarheid is eenvoudig in die wind gestrooi; hy wou sy eie waarheid soek, deur geen ander gesag gelei as dié van sy eie rede nie. Alles moes van nuuts af bewys word, self die mens se eie bestaan. „Ek dink, daarom is ek" - dis die eerste sekerheid wat hy vind. Nie om die waarheid te vind nie, maar om dit te soek is die taak van die wetenskap, volgens Lessing se bekende uitspraak in „Nathan der Weise". Dit, sê Kuyper, is soos die werk van 'n dwaas, wat die kosbare seëlring van ons geopenbaarde kennis moedswillig in 'n draaikolk gooi, uit pure lus om dit agterna self weer daaruit op te duik. Die rasionalis wou liewer sonder nege tiendes van die waarheid klaarkom, as om die waarheid nederig en dankend uit Gods hand te ontvang. Hy wou die waarheid met eie hand van die boom van die kennis pluk. Hy wou soos God wees 3). Daarmee was die wetenskap teruggeskuif tot presies waar die klassieke heidene begin het, asof Hy Wat gesê het: „Ek is die weg en die waarheid en die lewe" 4) nooit bestaan het nie. Nee, erger: die klassieke het nog eerlik gesoek; die rasionaliste het uit vyandskap teen die Christendom die grootste waarheid van alle tye verwerp. Hulle wou opsetlik heidene bly. Netsoos 'n ortodokse sewentiende-eeuse geleerde ná die ontdekkings van Galilei geweier

1. Sien Falckenberg : Geschichte der neueren Philosophie, p.78.
2. Bacon : The Advancement of Learning, I.v.8, p.41.
3. Kuyper : Scolastica II, pp.12-15
4. Joh. 14:6.

het om deur 'n teleskoop te kyk uit vrees dat dit die gesag van Aristoteles sou ondermyn 1), so het die uiterste rasionaliste geweier om deur die teleskoop van die Skrif na die Ster van Bethlehem te kyk, uit vrees dat hulle meer sou weet as hul klassieke heidene. Daarmee is die teëstelling tussen Christendom en Rasionalisme kompleet.

Daarmee is ook die ontwikkeling in beginsel voltooi, wat deur Paul Barth beskrywe word: „Sedert die einde van die sestiende eeu ontstaan daar allengs by alle vooruitstrewende geeste van Europa 'n rigting, wat daarop gemik is om alle konstruktiewe wetenskappe, wat op die lewe betrekking het, 'n nuwe grondslag te gee. Hulle sou nie meer op die tradisie of uit die „lig van die Openbaring" (lumen revelatum), maar uit die „natuurlike lig" (lumen naturale), dit is uit die menslike verstand, opgebou word". Dan verduidelik hy verder dat „die natuur", wat volgens die herontwaakte stoïsynse filosofie sinoniem met „die verstand" is, die bron van alle wetenskap sou wees, selfs van dié wat volgens tradisionele beskouing op „onmiddellike goddelike Openbaring" berus het. 'n Hele reeks „naturgemäsze Wissenschaften" het nou ontstaan. Die eerste en belangrikste was die „natuurlike religie", die deïsme, wat as hoofinhoud het dié leerstukke wat die Christendom en die klassieke heidendom gemeenskaplik besit, nl. God, onsterflikheid en vergelding 2), - 'n natuur-rede-godsdiens wat God wel as Skepper erken, maar nie as Onderhouer, en nog minder Christus as Verlosser nie. Daarnaas vind ons die natuurlike etiek, natuurlike vryheid in die ekonomie, die natuurreg, wat 'n nuwe natuurlik-redelike grondslag bied vir staatsleer, kerkleer en maatskappyleer, en eindelik 'n „natuurlike pedagogiek". Godsdiens, wetenskap, wysbegeerte, kuns, huisgesin, staat, maatskappy, reg en moraal, alles is dus losgeruk van die gesag van God en onafhanklik, vry, outonoom verklaar, uitsluitlik onder die gesag

---

1. Sien Bavinck : Paedagogische Beginselen, p.33.
2. Barth : Gesch. der Erziehung, pp.349-50.

van die menslike rede.

Locke se rasionalisme en die erns waarmee hy alles in die godsdiens, staat en maatskappy aan die vuurproef van die rede onderwerp het, het direk aanleiding gegee tot skeptisisme, deïsme en vrydenkery inEngeland 1). In Frankryk het Voltaire en sy ensiklopediste die konsekwensies met meedoënlose logika deurgevoer tot ateïsme en materialisme, en „in hul selfversekerdheid en ydelheid hulle self genoem die „illuminati" (de verligtes)" 2).

Sowel uit die benaminge vir die vroeë agtiende-eeuse geestesrigting, as uit die „stamboom" daarvan, kan ons dus reeds 'n duidelike beeld van die sinistere grondgedagtes van die Rasionalisme vorm. Laat ons nogeens die kenmerkende beginsels van die Aufklärung uit die pen van 'n gesaghebbende 3) opsom: „Die trotse selfversekerdheid van die gees, dat hy hom nou van alle oorgelewerde knegskap kan bevry en die lot van die toekoms in sy eie hand kan neem; die geloof in 'n ononderbroke ontwikkeling tot vryheid, waardigheid en geluksaligheid van die mens; die bewussyn van die groot verantwoordelikheid van hierdie vrye selfbepaling; die moed om al die historiesgewordene aan kritiese toetsing deur die verstand te onderwerp, en staat en maatskappy, ekonomie en reg, godsdiens en opvoeding na die beginsels van die rede te herbou; eindelik die verblydende geloof aan 'n solidariteit van alle belange, 'n verbroedering van die mensheid op die grondslag van hierdie steeds ontwikkelende intellektuele kultuur".

Siedaar die outonome Aufklärungsmens, wat geen God of meester se gesag oor hom erken nie, maar sy lot in sy eie hande het; trots op sy vryheid van die knegskap wat hy afgeskud het, op sy eiewaarde

---

1. Sien Adamson : The Educational Writings of John Locke, p.9, Barth : Gesch. der Erz., pp.354, 374, Duggan : A Student's Textbook in the Hist. of Educ., p.195.
2. Coetzee : Opvoedkg. Teorie en Praktyk deur die Eeue, p.175.
3. Schmidt : Philosophisches Wörterbuch,pp.53-4.

en selfbepaling; optimisties 1) in sy geloof aan sy eie natuurlike goedheid (pelagianisme), en aan die almag van sy eie verstand om hom tot steeds hoër ontwikkeling en „intellektuele kultuur" te bring (intellektualisme 2)) en daardeur tot geluk (hedonisme). In sy wêreld is daar geen sonde nie; die kwaad is slegs 'n gebrek aan die goeie, nie 'n selfstandige mag nie 3). Al die histories-gewordene is uitgedien: godsdiens, sedelikheid, opvoeding, staat, maatskappy en reg. Dit sou slaafsheid wees vir sy hoogwaardige Rede om nog voor hulle gesag te buig. Inteendeel, hulle is tog almal deur die verstand uitgedink 4); daarom het hy die „moed" om hulle aan die gesag van die Redegod te onderwerp en volgens sy voorskrifte te herskep. Hy verwerp die geopenbaarde godsdiens en word 'n vrydenker of huldig 'n natuurlike religie, die deïsme, of 'n rasionalistiese godsdiens wat, volgens Willmann 5) die verstand tot bron van die godsdienstige waarhede verhef. Hy verwerp 'n sedeleer wat op godsdiens gegrond is en huldig slegs 'n deugdeleer, eudaimonisties getint, - Kant se leer van die natuurlike onafhanklike moraal 6). Die rede word vir hom die toetssteen van die waarheid, en die Heilige Skrif moet, om heilig te wees, „met die merk van menslike goedvinding geyk" word. Die inhoud van die Bybel moet „aangepas" word: die Godheid van Christus word goddelikheid, Sy offerdood voorbeeldige liefdebetoon, die sonde swakheid, die bederf onvolkomenheid, en die God van die Openbaring word aan die God van die Natuur, aan die Onbekende God gelyk 7).

Maar naas die „magvolle idee van die natuurlike religie wat die mens uit die knelling van die konfessionele geloof verhef" is daar 'n tweede magvolle idee wat trag om hom uit die engte

---

1. Waterink : De Geschiedenis der Paedagogiek, p.813.
2. Sien van Klinken : Een Diagnose van de Hedendaagse Schoolziekte, p.19.
3. Barth : Gesch. der Erziehung, p.366.
4. Waterink : ibid., p.814.
5. Willmann : Didaktik als Bildungslehre, p.233.
6. Sien Willmann : ibid., p.234; Bavinck : Hedendaagsche Moraal, p. 27.
7. Groen van Prinsterer : Ongeloof en Revolutie, p.133.

van die absolutistiese staat te bevry. Dis die idee van die natuurreg - die idee dat alle mense van nature gelyk en dus van nature vry is 1). Weg dus met die „goddelike reg van konings"! Weg met sosiale ongelykheid! Ontbind die sosiale instellings! Lewe die „contrat social" wat 'n broederlike gemenebes van vrye, gelyke individue waarborg! Lewe die regte van die individu! Verbreek dus alle historiese bande wat die gemeenskap tot 'n organiese geheel verbind, splits die maatskappy tot by die laaste ondeelbare atoom, die individu, en lym hul dan weer kunsmatig aanmekaar met die wandenkbeeld van 'n redelike sosiale verdrag - dan sal daar ware solidariteit, ware „verbroedering van die mensheid", ware vryheid wees!

Ook die opvoeding moet na die eise van die rede, d.i. die natuur omgeskep word. Die grondbeginsel van die rasionalistiese of „naturgemäsze Pädagogik", sê Paul Barth, is dieselfde as by die natuurlike godsdiens, - etiek, - ekonomie en natuurreg, nl. „das Prinzip, dasz das Natürliche auch das Vernünftige sei, und umgekehrt, dasz das wirklich Vernünftige natürlich, zwanglos sein müsse" 2). Die doel moet wees om die jongmens te leer om die juk van dogmatisme, vooroordeel en gesag af te skud en die moed te hê om sy rede te volg. Die tug moet 'n vrywillige onderwerping van die begeertes aan die rede wees, waarby 'n beroep op die eer en skaamte van die kind die plek van dwang en geweld moet inneem, want „die mens is vir die mens iets heiligs". Hierdie woord van Seneca herleef weer en word ook op die kind toegepas 3).

(c) Kritiese Samevatting

Die Rasionalisme het gehoop om die vryheid van die mens te

---

1. Barth: Gesch. der Erziehung, pp.388-9. Op die idee van die natuurreg en sy konsekwensies vir staat en maatskappy sal ons in die volgende hoofstuk, „Die Naturalisme", dieper ingaan.
2. Barth : ibid., p.464.
3. Barth : ibid., p.410.

**verseker** deur hom van alle aan God ontleende, histories-geworde gesag in staat, maatskappy en godsdiens - op elke lewensterrein - te onthef, en op elke gebied die menslike verstand as enigste, soewereine gesag te kroon. Hulle het egter alle gesag vir tirannie aangesien, en elke band aan die verlede vir knegskap, met die gevolg dat die vryheid wat hulle verwag het in die radikaalste bandeloosheid ontaard het - wat op sigself weer die ergste slawerny is. Duggan toon tereg aan dat die mens in sy uiterste individualisme nie ongestraf sosiale instellings kan vernietig, en hom van hulle kan isoleer nie; hulle moet wel by veranderende omstandighede aangepas word om die menslike gees nie te onderdruk nie, „but the adjustment must result from the action of the general reason, not of the purely individual reason" 1). Wat meer is, by alle aanpassing moet in die laaste instansie die band aan die gesag van God ten alle koste behou word; want wie hom voor God verneder verhoog homself, maar om voor 'n bloot menslike gesag te swig is ware knegskap.

Heel gou het dan ook al geblyk dat die „illuminati" die wanpraktyke van kerk en staat aangeval het, nie uit besorgdheid oor die onderdrukte klasse en die „regte van die mens" nie, maar bloot om die aristokrasie van die bloed deur 'n aristokrasie van die intellek te vervang 2). Die „kneg" het slegs van baas verwissel; die beloofde vryheid was 'n ydele droom.

Ook op 'n ander wyse was die heerskappy van die rede geen vryheidsparadys nie. Verstand sonder gevoel skep 'n koue, gevoellose wese en lei tot formalisme. Dit, sê Duggan, is presies wat in die hoër kringe op die vasteland gebeur het. Die adellike jongmens is geleer om sy meninge „verstandig" uit te spreek, om sy hartstogte te matig, om hom aan die godsdienstige en sosiale eise van 'n kunsmatige samelewing aan te pas, al staan hy skepties

---

1. Duggan : A Student's Textbook in the Hist. of Educ., p.197.
2. Duggan : ibid., p.196.

teenoor hulle, en om alle uitinge van natuurlikheid as vulgêr en irrasioneel te vermy. Dus het die Verligting weinig gedoen om formalisme uit die lewe van die agtiende eeu te verban. Die dansmeester moes alles wat spontaan en natuurlik was in die kinderlewe met wortel en tak uitroei. By die godsdienstige en skoolformalisme waarteen die Puriteine en die Piëtiste hulle verset het, het dus nog die sosiale formalisme van die aristokrasie gekom. Dit is dan ook geen wonder dat Rousseau se „Terug na die natuur!" met blydskap verwelkom is nie 1).

2. <u>JOHN LOCKE (1632-1704)</u>.

(a.) <u>Vryheid en Gesag in sy Filosofie</u>.

Hoewel John Locke geen radikale rasionalis was nie, maar in sy persoonlike lewe nog Christen gebly het, wat die Openbaring nooit self verwerp het nie, maar dit selfs in 'n geskrif, „Die Redelikheid van die Christendom" verdedig het, kan hy nogtans met reg die „profeet van die Rasionalisme" en individualisme, die voorloper van die deïsme, skeptisisme en vrydenkery, een van die vooraanstaande formuleerders van die natuurreg, en deur sy tabula rasa-teorie 'n invloedryke bevorderaar van die natuurlike etiek genoem word - almal agtiende-eeuse rigtings wat die goddelike gesag verwerp en die vryheid van die menslike rede (=natuur) verkondig het. Dit hoef ons dus ook nie te verwonder nie dat Adamson, wanneer hy na die bloeitydperk van die Aufklärung in Duitsland verwys, beweer dat „the master ideas of this Age of Reason were those of Locke, as interpreted by the French Rationalists" 2).

Een van die grondgedagtes van Locke se „Essay concerning Human Understanding" is die onvoorwaardelike verwerping van die gesag van dogmatisme, en die eis van selfstandige, vrye ondersoek deur die eie rede. „After all the greatest reverence is due to

---

1. Duggan : A Student's Textbook in the Hist.of Educ.,pp.197-8.
2. Adamson : The educational Writings of John Locke, p.11.

truth; and...perhaps we should make greater progress in the discovery of rational and contemplative knowledge, if we sought it in the fountain and made use rather of our own thoughts than other men's to find it...So much as we ourselves consider and comprehend of truth and reason, so much we possess of real and true knowledge" 1). Toreg merk Adamson op: „Locke is here asserting the sufficiency of reason for the discovery of truth, and the obligation of each individual mind to employ reason for that purpose, two principles, rationalism and individualism, which made great play in the life of the eighteenth century... Locke thus became the prophet of rationalism" 2).

Wel ken Locke naas die rede as bron van ons kennis ook aan die Openbaring 'n beskeie plekkie toe. Alle sake, sê hy, waaroor die rede gladnie kan oordeel of geen sekerheid kan gee nie, is „bokant die rede", val op die gebied van die openbaring, en moet in die geloof aanvaar word, bv. die opstanding uit die dood; waar die rede darenteen sekerheid kan gee, bv. ten opsigte van die bestaan van God, daar is die gebied van die rede, en moet op die gesag van die rede self aanvaar word. En wel vind hy 'n versoening tussen die gesag van die geloof en die vryheid van die rede deur beide geloof en rede uit God, die Fontein van die kennis 3) af te lei, maar die versoening is slegs skynbaar. Feitlik handhaaf hy nog dieselfde dualisme tussen teologie en filosofie as Bacon 4). Wel wou hy die natuurfilosofie nie van die metafisika skei nie, omdat ons ons kennis daarvan uit beide rede en openbaring put; wel wou hy aan die geestelike dinge (wat ons deur die Openbaring van die Skrif ken) 'n ereplek inruim naas die materiële dinge (wat ons deur die rede ken) - 'n standpunt, sê Adamson, „scarcely to be expected from one of the leaders in

1. Locke : An Essay concerning Human Understanding, i.4.23.
2. Adamson : The educational Writings of John Locke, p.9
3. Locke : ibid., iv.18.7,9 & 10, pp.587-8. Sien ibid.,iv.11.1,p. 536.
4. Sien bo, p.257.

modern scientific thought " 1); wel het hy geglo dat ons filosofie lam en gebrekkig sou wees „without the notion and allowance of spirit", omdat dit dan „the contemplation of the most excellent and powerful part of the creation" sou uitlaat 2). Nogtans kan ons met reg op sy wysbegeerte die stempel, „Rasionalisties", plaas.

Hoewel hy nie geglo het dat die natuurwetenskappe selfstandig 'n verklaring van die heelal kon gee nie, staan hy nietemin baie simpatiek teenoor Descartes, Boyle, en „such writers as have employed themselves in making rational experiments and observations, (rather) than in starting barely speculative systems; en praat hy met die hoogste lof van „the incomparable Mr. Newton" se bydrae, deur die wiskunde, tot 'n beter begrip van „die onbegryplike heelal" 3). Sy wetenskapsleer hel dus sterk oor na die rasionalistiese kant.

Selfs sy godsdiensleer is rasionalisties. Hy wil die Openbaring nog nie opsyskuif nie, maar maak die Openbaring tog ondergeskik aan die rede. Watter dinge openbaringe van God is, moet die rede self bepaal 4). Waterink besluit dan ook tereg dat hierdie Openbaring geen geldigheid het vir die denke nie; „dáárvoor is religie slechts waar inzoover ze begrepen wordt of te begrijpen is". So het Locke die baanbreker vir die sogenaamde „rasionele Christendom" geword, wat op sy beurt weer die weg gebaan het vir die deïsme en die vrydenkery 5).

Sy sielkunde „shook itself free from metaphysic" 6). In die „Essay" is dit reeds die rede wat die oreplek kry. Die begeertes moet aan die rede onderwerp word omdat hulle dwing om die wil te beheers 7). Die gevoel is blykbaar slegs 'n aanhangsel

---

1. Adamson : The educ. writings of J.Locke, Voetnoot, p.159.
2. Locke : Some Thoughts concerning Education, par.190, p.159.
3. Locke : ibid., parr. 193, 194, pp.162-3.
4. Locke : Essay, iv.18.10, p.588.
5. Waterink : De Gesch. der Paedagogiek, p.771.
6. Adamson : ibid., Voetnoot, p.159.
7. Locke : Essay, ii.21.33 & 47, pp.177,184.

van die denke, bv. „despair is the thought of the unattainableness of any good" 1). In die „Conduct" lê Locke egter onomwonde die primaat van die rede neer. Dis die verstand wat die deurslag gee in al ons handelinge. „The will itself, how absolute and uncontrollable soever it may be thought, never fails in its obedience to the dictates of the understanding" 2). Vir verbeelding en kunsgevoel is daar in Locke se intellektualistiese sielkunde geen plek nie.

Ook sy kenleer is deur sowel Descartes se rasionalisme as deur die sensualisme beïnvloed 3). Die tabula rasa of „white paper void of all characters" 4), moes immers nie alleen deur „sensasie" beskrywe word nie, maar ook deur „refleksie", die denke, die rede. Selfs die bestaan van God het Locke aanvaar omdat die menslike verstand dit uitdink 5). Die rede word so almagtig dat, tenspyte van Locke se persoonlike geloof in die geopenbaarde godsdiens, die beginsels van die „Essay", in die woorde van Adamson, 'n hoofoorsaak was van die latere Engelse deïsme en van dié houding teenoor „all assertions of the supernatural" wat die Franse denke sedert Locke se bewonderaar en dissipel, Voltaire, gekenmerk het. Inderdaad, Locke se bespreking van die kennisvraagstuk lei direk tot skeptisisme 6). Hy beveel dan ook saam met Descartes aan dat die waarheidsoeker in twyfel moet begin, „put himself wholly into (a) state of ignorance in reference to that question; and throwing wholly by all his former notions, and the opinions of others, examine, with a perfect indifferency, the question in its source..." 7). Selfs die teorieë van die medici moet deur die mediese student verwerp word as „principles of the dogmatists", en hy moet begin deur die

1. Locke : Essay, ii.20.11, p.163.
2. Locke : Conduct, par.1, p.181.
3. Waterink : De Gesch. der Paedagogiek, p.770.
4. Locke : Essay, ii.1.2, p.59.
5. Locke : Essay.iv.11.1.p.536.
6. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.9.
7. Locke : Conduct, par.35, pp.246-7.

natuur self te raadpleeg. So 'n aanmatigende (om Locke se eie woord te gebruik) verwerping van die gesag van die wetenskap, die geskiedenis, die kerkleer, ens., totdat die individu persoonlik alles aan die toets van sy eie onfeilbare rede onderwerp het, moet noodwendig tot skeptisisme, individualisme en die ontbinding van die sement van die samelewing lei.

Locke se etiek, ten opsigte van die vraagstukke van die grond van die sedelike en die aard van die menslike natuur, ly ook aan 'n dualisme tussen Openbaring en rede. Enersyds is die groot beginsel van die deug dat die mens sy begeertes aan sy rede moet onderwerp 1); andersyds is sedelikheid op godsdiens gebaseer 2) - hoewel Locke hier 'n blote deïstiese Opperwesegeloof formuleer. Locke self het nog geglo dat die mens 'n bedorwe natuur besit 3), dat sedelike begrippe dus nie aangebore is nie, m.a.w. dat hy by sy geboorte ook sedelik 'n tabula rasa is. Sy volgelinge het egter heel gou die volgorde omgekeer en geredeneer: as die mens sedelik 'n tabula rasa is, dan kan ook die kwaad nie aangebore wees nie, dus is die mens van nature goed. So het Locke se tabula rasa-teorie, op sedelike gebied oorgedra, die verderlike invloed van die natuurlike etiek versterk.

Sy staatsleer, wat volgens Barth 4) sterk invloed op die Amerikaanse Onafhandlikheidsverklaring (1776) en die Franse Verklaring van Menseregte (1791) uitgeoefen het, berus op die natuurreg. Hy breek weg van die teokratiese gesag, ken aan die individu natuurregte toe, by name vryheid en gelykheid, en op hierdie natuurregte grond hy 'n puur-menslike, natuurlike gesag juis om hulle te beskerm - die gesag van die „contrat social". Daarmee is beide gesag en vryheid uit die menslike natuur afgelei, die fondament vir die westerse demokrasie gelê, en die deur vir

---

1. Locke : Some Thoughts, par. 33, p.28.
2. Locke : ibid., par. 136, p.105.
3. Locke : ibid., par. 90, p.71; en Essay, par.i.3.9, pp.30-1.
4. Barth : Gesch. der Erziehung, pp.390-2.

die natuurregtelike vryheidsbeginsel in die staat, die maatskappy, godsdiens en onderwys wyd oopgestel.

Sy hele pedagogiek, tenslotte, is 'n pleidooi vir die oppermag van die rede. Hy sluit sy „Some Thoughts concerning Education" af met die hoop dat dit die ouers met die buitengewone moed mag besiel „that they dare venture to consult their own reason, in the education of their children, rather than wholly to rely upon old custom" 1). In die doel van die opvoeding, die mensbeskouing, metode, inhoud, tug, deurgaans is dit die rede, die gesonde verstand, wat die deurslag moet gee, - soms 'n al te nugtere koudbloedige verstand, wat gevoel en verbeelding, en veral die nuttelose „poetic vein" wil smoor. Juis deur sy pure realisme en pure utilitarisme, sê Waterink, is hierdie pedagogiek „inutiel en onreëel"2). In besonder het Locke se tabula rasa-teorie, veral toe dit later met die filantropiese gesindheid gepaard gegaan het, by sy volgelinge tot 'n rasionalistiese geloof in die almag van die opvoeding gelei. „If all men are initially equal (one tabula rasa is like all the others) and subsequent differences are due solely to experience, then education, a beneficent form of experience, is capable of unlimited reform in those submitted to it"3), so formuleer Adamson hierdie geloof.

So het Locke in sy hele filosofie weggebreek, of die fondament gelê vir wegbraak, van die bestaande gesag, en deurgaans die troonsbestyging van die mens se outonome rede bewerkstellig, of voorberei. Waar hy nog aan die Openbaring gesag toeken, in die godsdiens, die etiek en die natuurfilosofie, is die dualisme so in die oog lopend, en sy simpatie so sterk aan die kant van die rede, dat sy dissipels niks meer as konsekwent was toe hulle die laaste reste van 'n ortodokse Openbaringsgeloof oorboord ge-

1. Locke ; Some Thoughts, par. 216, p.179.
2. Waterink : De Gesch. der Paedagogiek, p.773.
3. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.11.

gooi het en geen ander gode voor die aangesig van hul Rede-god geduld het nie.

Alle gesag is dus vir Locke in die laaste instansie in die menslike rede geset. Hoe staan dit nou met die vryheid? Politieke en maatskaplike vryheid berus op die natuurreg van die individu - 'n natuurwet wat deur die rede ingegee is - en bestaan daarin dat elke individu alles mag doen wat niemand anders aan lewe, gesondheid, vryheid of besittings skade aandoen nie 1). Dis dus 'n vryheid binne die gesag van die rede. Die vraag na sedelike vryheid beantwoord Locke as volg: „In this then consists freedom, viz. in our being able to act, or not to act, according as we shall choose or will". Dwang is alles wat hierdie vryheid wegneem. „Wherever restraint comes to check that power, or compulsion takes away that indifferency of ability on either side to act, or to forbear acting, there liberty, and our notion of it, presently ceases" 2). Die wil word egter aangedryf deur die begeerte - „the uneasiness of desire" - in die strewe na geluk 3); dus bestaan die vryheid van die mens daarin dat hy sy begeertes aan sy oordeel, sy rede, kan onderwerp 4). Ook hier het ons dus 'n vryheid binne die gesag van die rede. Maar hierdie onderwerping aan die eie oordeel, so stel Locke ons gerus, is geen beperking van ons vryheid nie. As dit vryheid is om jou aan die oordeel van jou rede, wat jou van verkeerde keuses weerhou, te onttrek, dan is die dwaas en die malmens die enigste vrymanne 5). So trag Locke om gesag en vryheid te versoen deur beide uit die menslike natuur en die individuele rede af te lei. Klaarblyklik veronderstel hierdie optimistiese geloof in die individuele rede ook die geloof in die natuurlike goedheid van die mens. Toe eenmaal die gesag van 'n objektiewe sedewet ondermyn en aan die

---

1. Sien Barth : Gesch. der Erziehung, p.390.
2. Locke : Essay, ii.21,27 en 10, pp.174, 167.
3. Locke : ibid., ii.21.33 en 41, pp.177, 181.
4. Locke : ibid., ii.21.47, p.184.
5. Locke : ibid., ii.21.50, p.186.

subjektiewe oordeel van die individu prysgegee was, het individualisme gebotvier en was die damwal teen bandeloosheid deurgevreet. In die bloedige uitbarsting van die Franse Revolusie het die tierende menigte nie gevra of hul in hul „vryheid" miskien die „lewe, gesondheid, vryheid of besittings" van ander skade aandoen nie.

(b) Vryheid en Gesag in die Doel van die Opvoeding.

Locke se doelstelling vir die opvoeding hang ten nouste saam met twee teenstrydige beginsels: sy rasionalistiese mensbeskouing en sy dissiplinerende neiginge. Die edelste kenmerk van die mens is dat hy 'n redelike wese is - altans bestemd is om een te wees 1). Hoewel hy spot met die uitdrukking: „Homo, animal rationale", sê Adamson, „the phrase admirably expresses one of his firmest convictions" 2). Daarom moet die mens se gees so gevorm word tot „Virtue, Wisdom, Breeding and Learning" dat hy niks sal doen wat nie met die „waardigheid en voortreflikheid van 'n redelike wese" strook nie. Deug, die belangrikste van alle doelstellings, bestaan in die onderwerping van die begeertes aan die rede. „The great principle and foundation of all virtue and worth is placed in this, that a man is able to deny himself his own desires, cross his own inclinations, and purely follow what reason directs as best, though appetite lean the other way" 3). Hier raak ons die lewensaar van Locke se opvoeding: streng sedelike dissiplinering van die opvoedeling, eers deur onderwerping aan 'n kursus in gewoontevorming deur die onderwyser, wat langsamerhand vervang word deur die onderwerping van sy begeertes aan sy eie rede, totdat ons die ideaal van 'n vrye, gedissiplineerde, streng morele, praktiese, nugtere, byna koudbloedige 4), redelike wese bereik het. Daardeur sal 'n beginsel

---

1. Locke : Conduct, par. 6, p.196.
2. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.11.
3. Locke : Some Thoughts, par.33, p.28.
4. Waterink : De Gesch. der Paedagogiek, p.773.

in die kind ingeplant wees wat hom op die regte pad sal hou, ook „when you are not by".

Locke beoog dus streng sedelike dissipline, nie alleen onder toesig nie, maar veral met die oog op die latere vryheid. Helaas is dit 'n eg-humanistiese sedelikheid, waarby die subjektiewe rede die hoogste gesag is. Elders is daar egter ook sprake van godsdiens as grondslag van die kind se sedelikheid 1) - dus 'n objektiewe gesag. Maar hoewel Locke later 'n betreklik „ortodokse" inhoud vir die godsdiensonderwys voorgeskryf 2), is wat hy hier neerlê 'n blote deïstiese geloof in 'n „onafhanklike Opperwese", sonder enige vermelding selfs van Christus. Die Rede het ook hier reeds na eiemagtige beskikking met die inhoud van die Openbaring gewerk. Die gesag van so'n aan die menslike rede ondergeskikte god is nie die soewereine gesag van die God van die Openbaring nie.

Om die kind tot hierdie persoonlikheidsideaal te vorm, ken Locke aan die onderwyser enersyds buitengewoon sterk gesag toe. Sy taak is immers „to fashion the carriage, and form the mind; to settle in his pupil good habits, and the principles of virtue and wisdom; to give him, by little and little, a view of mankind; and work him into a love and imitation of what is excellent and praiseworthy; and in the prosecution of it, to give him vigour, activity, and industry" 3). Hy skryf die gewoontes as't ware van buite af op die „wit papier". Maar sy gesag word tog andersyds deur die vryheid van die kindernatuur paal en perk gestel. By alle vorming moet hy onthou dat hy nie die temperament en aanleg kan vervorm nie. „God has stamped certain characters upon men's minds, which, like their shapes, may perhaps be a little mended, but can hardly be totally altered and transformed into the contrary". Daarom moet hy elke individu se „natural

---

1. Locke : Thoughts, 136, p.105.
2. Locke : ibid., 157, p.120.
3. Locke : ibid., 94, pp.75-6. Onderstreping deur my.

genius and constitution", sy besondere aard, aanleg, vermoë en swakhede bestudeer om te sien of hy wel kan word wat hy graag wil word. In baie gevalle kan ons niks meer bereik as „to make the best of what nature has given". Wat teen sy aanleg op hom aangepleister word „will at best sit but untowardly, and have always hanging to it the ungracefulness of constraint and affectation" 1). „Each man's mind has some peculiarity, as well as his face, that distinguishes him from all others; and there are possibly scarce two children who can be conducted by exactly the same method" 2). Hierdie erkenning van die verskeidenheid van aangebore aard en aanleg deur Locke vorm 'n verrassende teëstelling tot sy tabula rasa-teorie. Boyd se kommentaar hierop is dan ook: „Here Locke states quite explicitly and practically for the first time the principle of educational individualism which has been the watchword of all progress in education from his day to ours" 3). Enersyds dus byna onbeperkte gesag om die kind te vorm deur gewoontes in te plant en sy sedes te dissiplineer; andersyds die teenstrydige beginsel van individualisme, selfbepaling, vryheid. Die proses begin met die eerste om met die tweede te eindig. Die gesag van die opvoeder, hoe skynbaar outonoom ook aanvanklik om die „wit papier" na willekeur te beskrywe, word tog deur die kindernatuur beperk, en moet so gou as moontlik plek maak vir die gesag van die kind se eie rede. Die opvoeder se gesag is dus slegs 'n tydelike hulpmiddel om die opvoedeling tot die hoofdoel, vryheid te bring - deur dissipline tot vryheid.

Naas die dissiplinering van die sedes in die „Thoughts" vind ons in die „Conduct" 'n ewe sterk pleidooi vir dissiplinering van die intellek. Soos op die gebied van die sedelike die rede die hoogste gesag is, so is ook op intellektuele terrein,

1. Locke : Thoughts, 66, p.46.
2. Locke : ibid., 216, p.179.
3. Boyd : From Locke to Montessori, p.26.

vir die beoordeling van waar en onwaar, die „natuurlike rede" die toetssteen 1). Dan moet die rede egter gedissiplineerd wees, d.w.s. dit moet vry wees - vry van vooroordele, aanmatiging en die engheid van hulle wat opsetlik alle kontak met andersdenkendes vermy, en „(who) canton out to themselves a little Goshen in the intellectual world" asof dáár alleen die son skyn 2): vry van eensydige voorliefde vir één vak, vry van slaafse onderwerping aan die openbare mening as „vox populi, vox Dei" enersyds, of ook trotse verwerping van die algemeen-aanvaarde andersyds; vry van die kritieklose geloof in die gesag van boeke, of onnadenkende napratery van ander - want dis slegs „second-hand or implicit knowledge" 3). „Such borrowed wealth, like fairy money, though it were gold in the hand from which he received it, will be but leaves and dust when it comes to use" 4). Vry moet die intellek ook wees van die tirannie van die hartstogte, liefde en toorn, vrees en smart, wat die verstand belet om hom te rig waarop en wanneer hy wil 5); vry ook van die dwang van denkgewoontes en dogmas wat hy deur die indoktrinasie van sy opvoeders ingedrink het. Dis die fundamentele plig wat elke mens aan homself verskuldig is om hierdie dwang af te skud deur die vryheid van die denke, „a vigour of mind able to contest the empire of habit, and look into its own principles" 6). Dis beter om in twyfel en onkunde op te groei as om uit die staanspoor reeds klaar gekomprommitteerd te wees 7). In twee dinge bestaan daardie intellektuele vryheid wat noodsaaklik is vir elke redelike wese, nl. (1) an equal indifferency for all truth, and (2) in the examination of our principles, and not receiving any for such, nor building on them, till we are fully convinced as rational creatures

---

1. Locke : Conduct, 3, p.187.
2. Locke : ibid., par. 3, p.185.
3. Locke : ibid., parr.22, 24, pp.220-7.
4. Locke : Essay, 1.4.23, p.55.
5. Locke : Conduct, par. 45, pp.260-2.
6. Locke : ibid., par. 41, pp.252-4; cf. ibid., par.34, p.244.
7. Locke : ibid., par.35, pp.245-6.

of their solidity, truth and certainty" 1). Hierdie vrymaking van die rede tot die onbevoordeeldheid en onbevangenheid van 'n ope gemoed is die belangrikste beginsel waaraan die jeug hulle reeds „in their tender years" moet leer onderwerp. „This, and this only, is well principling, and not the instilling a reverence and veneration for certain dogmas under the specious title of principles" 2).

Hierdie intellektuele vryheid wat ons tot die waarheid moet lei, kom nie vanself nie, maar deur 'n langdurige proses van dissiplinering, gewoontevorming, arbeid, oefening in die redeneerkuns - dus deur onderwerping aan gesag. Ook hier is dit die gesag van die opvoeder wat allengs vervang word deur die gesag van die eie rede. Ook hier is sy gesag dus slegs 'n tydelike hulpmiddel, terwyl vryheid die hoofdoel is. Die opvoeder kan onmoontlik al die wysheid in die wêreld aan sy leerling gee. Hy kan maar net die deur oopmaak, hom laat inloer, en die liefde en waardering vir studie by hom opwek sodat hy deur selfstudie later kan binnegaan, indien hy die begeerte daartoe het. „A gentleman that would penetrate deeper, must do it by his own genius and industry afterwards; for nobody ever ...became eminent in any of the sciences, by the discipline and constraint of a master" 3).

Die dissiplinering van die begeertes deur die rede moet dus lei tot sedelike vryheid; die dissiplinering van die rede deur oefening in juiste redenering en deur die beginsel van „indifferency" of onbevooroordeeldheid, moet intellektuele vryheid waarborg. Die vraag is nou of hierdie dissiplinering wel bestaanbaar is naas vryheid, en of dit nie uiteraard dwang op die opvoedeling meebring nie. Hierdie vraag bespreek ons in die volgende afdeling, waar die kwessie van formele dissipline

---

1. Locke : Conduct, par. 12, p.207.
2. Locke : ibid., 12, p.208.
3. Locke : Thoughts, 94, p.75; cf. ibid., 195, p.164.

aan die orde kom 1). Intussen het ons tot die slotsom gekom dat die hoogste gesag vir Locke, in beide die sedelike en die intellektuele opvoeding, dié van die individuele rede is. Wat is die implikasies van sy intellektuele vryheid deur „indifferency"? By alle waardering vir Locke se veldtog teen engheid en vooroordeel, en sy pleidooi vir eerlikheid en onbevangenheid teenoor intellektuele vraagstukke, mag ons ons oë nie sluit vir die feit dat ons aan hom die hersenskim van „neutraliteit" in die wetenskap te danke het, wat vandag nog groot skares onder sy aanhangers tel nie. Hulle weier om te erken dat elke wetenskap van die geloof as 'n aksioma uitgaan - al is dit ook Descartes se geloof in die twyfel. Die Christelike wetenskap verkies net die vaste uitgangspunt van die geloof in die Openbaring bo die wankele gesag van die subjektiewe, hoeseer ook verheerlikte, menslike rede. Wat die teorie van „twyfel en onkunde" betref, het Locke blykbaar ewemin as Montaigne 2) besef hoe sterk die kind, en selfs die jongmens, se behoefte aan veiligheid, vastigheid en ferme gesagsleiding ten opsigte van lewensvraagstukke is. Die kind, sê Waterink 3), ontvang slegs oortuiging deur hom aan ander se oortuiging te onderwerp.

Locke bepleit dus in sy opvoedingsdoelstellings, op sedelike en intellektuele terrein, vryheid deur die dissipline van gesag - 'n ideaal waarvoor daar veel te sê is, mits ons onthou dat vryheid alleen maar 'n eensydige doelstelling vorm, en dat vryheid en gesag, teen Locke se rasionalistiese en natuurregtelike agtergrond gesien, iets gans anders beteken as wat ons kan onderskrywe.

(c) Die Metode

In Locke se onderwysmetode staan daar twee moeilik versoenbare beginsels lynreg teenoormekaar: aangenaamheid en dissiplinering. Enersyds is sy eis dat die onderwys aangenaam en maklik

---

1. Sien onder, p. 284-7.
2. Sien bo, p.206.
3. Waterink : De Gesch. der Paedagogiek, p.691.

moet wees die in die oog lopendste kenmerk van die „Thoughts"; andersyds staan Locke taamlik algemeen bekend as die vader van die formele dissipline 1). In die grond beteken dit 'n teëstelling tussen vryheid en gesag, want die teorie van die formele dissipline impliseer dat sekere dissiplinerende vakke eenvoudig vir elke kind noodsaaklik is om sy „vermoëns" van geheue en verstand te oefen afgesien van sy besondere aard en aanleg, belangstelling of lewensdoel 2).

Die metode moet aangenaam en maklik wees vir die kind, „as grateful and agreeable as possible" 3). Dit is die grondeis van Locke se onderwysmetode in die „Thoughts". „Whilst they are learning ...., they are to be kept in good humour, and everything made easy to them, and as pleasant as possible" 4). In die reël word hul beveel om te werk, - onder dwang, maar losgelaat om te speel - in vryheid. Daarom geniet hul die spel, maar haat die werk. Hierdie verhoudinge moet omgekeer word, en die aangename assosiasies van vryheid en genot en spel aan die werk verbind word. Ambisie en eersug in plaas van dwang moet die motivering verskaf. Indien die opvoeder die ideaal wat hy hulle wil laat nastrewe aan hul voorhou as „the privilege of an age or condition above theirs, then ambition, and the desire still to get forward, and higher, and to be like those above them, will give them an inclination which will set them on work in a way wherein they will go on with vigour and pleasure, enjoying in it their dearly beloved freedom" 5).

Locke se ontleding van die kindernatuur leer hom dat „children's minds are narrow and weak", dat dit onnatuurlik vir hulle is „to fix their fleeting thoughts". Om langdurige, volgehoue aandag te gee is een van die pynlikste eise wat aan 'n kind gestel

---

1. Bv. Graves : A Hist. of Educ., II, p.309
2. Graves : ibid., ii, p.309; Monroe : A Text-book in the Hist. of Educ., p.509.
3. Locke : Thoughts, 167, p.131.
4. Locke : ibid., 167, p.129.
5. Locke : ibid., 76, p.59. Onderstreping deur my.

kan word 1). 'n Onderwyser moet nie dinge van 'n kind eis wat hy nie kan doen nie. Dit wek 'n gevoel van onvryheid en vyandiggesindheid en soos McCallister dit uitdruk, „it is the conjunction of impotency and antagonism that makes the failures of education" 2). Daarom moet die onderwyser nie alleen sy doel, maar ook sy metode by die kind se aanleg, temperament en neiginge, sy „predominant passions and prevailing inclinations" aanpas. „For as these are different in him, so are your methods to be different, in him, so are your methods to be different, and your authority must hence take measures to apply itself (in) different ways to him" 3). As die onderwyser die kind se natuur as 'n bondgenoot het, is hy van die medewerking en aandag van sy leerling verseker, en „whilst he has that (attention) he is sure to advance as fast as the learner's abilities will carry him" 4).

Vryheid word dus as 'n fundamentele beginsel van die onderwysmetode erken - vryheid in die sin dat die kind doen wat hy kan doen, wat hy wil doen, wat hy met genot doen, en dat sy eie vermoë die spoed van die proses bepaal. Die kind het die reg op die vryheid om kind te wees. „Children have as much a mind to show that they are free, that their own good actions come from themselves, that they are absolute and independent, as any of the proudest of you grown men, think of them as you please" 5). Daarom moet die dinge wat hy moet leer nie as 'n taak, 'n las of 'n plig, deur 'n bevel aan hom opgelê word nie. Dan word wat eers 'n genot was weldra 'n straf. Sy werk en studie moet vir hom tot dieselfde genot gemaak word as sy spel. Die geheim van hierdie genot is: vryheid. Hy moet vryheid hê in sy werk, vryheid in sy spel - om te speel tot hy moeg is - en speelgoed genoeg (hoewel Locke, die dissiplinêr, tog nie kon help om te bepaal dat

---

1. Locke : Thoughts, 167 pp.130-1.
2. McCallister : The Growth of Freedom in Educ. p.182.
3. Locke : Thoughts, 102 p.83.
4. Locke : Thoughts, 167 p.132.
5. Locke : Thoughts, 73 p.57.

die opvoeder dit persoonlik in bewaring moet hou en net een stuk op 'n keer moet uitreik nie 1). Hy moet vryheid hê om kinderlike foute en dwaashede te begaan sonder straf; die tyd sal hulle genees. „All their innocent folly, playing, and childish actions are to be left perfectly free and unrestrained", binne die perke van die respek vir die volwassenes wat teenwoordig is. As die lawaai te erg word, behoort 'n woord of 'n kyk van die opvoeder voldoende te wees. „This gamesome humour, which is wisely adapted by nature to their age and temper, should rather be encouraged ... than curbed or restrained: and the chief art is to make all that they have to do, sport and play too" 2). „They must not be hindered from being children, or playing, or doing as children, but from doing ill; all other liberty is to be allowed them" 3). Locke gaan selfs so ver om aan te beveel dat die kind nie gedwing moet word om 'n bepaalde stuk werk te doen wanneer hy nie in die stemming daarvoor is nie 4). As die onderwyser „the favourable seasons of aptitude and inclination" kan aangryp, die golf van die leerling se belangstelling, dan kan die maksimum werk in die minimum tyd gedoen word. Die leerling moet dus ook nog die vryheid hê om te bepaal wanneer hy wil leer en self die onderwyser kom vra om hom te leer - 'n ideaal wat Helen Parthurst in haar Daltonskole probeer verwesenlik het. Alle vryheid moet dus aan die kind toegestaan word - behalwe die vryheid om kwaad te doen.

Aan één besondere aspek van vryheid in die onderwys nl. die speelbeginsel, het Locke 'n buitengewoon sterk stoot gegee. Locke het hom afgevra hoe dit moontlik is dat kinders vir ure lank 'n inspannende spel kan speel sonder om moeg te word, terwyl skoolwerk hul so gou verveel? Vir hom is werk en spel ewe veeleisend,

---

1. Locke : Thoughts , 130, p.102.
2. Locke : Thoughts , 63, pp. 43-4.
3. Locke : Thoughts , 69, pp.48-9.
4. Locke : Thoughts , 74, p.57.

ewe vermoeiend, albei bevredig die kind se drang om besig te bly - net die een is nuttig, die ander nutteloos. Waarom is die kind versot op sy spel en traag in sy werk? Sy antwoord is; „The only odds is, in that which we call play they act at liberty...; but what they are to learn, they are driven to it, called on or compelled" 1). Vryheid is die geheim van die genot van hul spel. „Tis liberty alone, which gives the true relish and delight to their ordinary play-games" 2). As ons die tafels nou net omkeer „learning .... might be made as much a recreation to their play, as their play is to their learning" 3). Om dit te bewerkstellig moet van sy werk 'n spel gemaak word en van sy spel 'n werk. As hy te veel tol speel, beveel hom elke dag om vir 'n paar uur lank net tol te speel; hy sal baie gou sat wees daarvoor en met die grootste graagte na die boeke gryp. „By this means, making the recreations you dislike a business to him, he will of himself with delight betake himself to those things you would have him do, especially if they be proposed as rewards for having performed his task in that play which is commanded him" 4). Om hom te leer lees en woorde bou kan bv. dobbelstene met die letters van die alfabet gemaak word. „Cheat him into it if you can, but make it not a business for him" 5).

As vryheid moet heers, moet dwang verdwyn. In die leerproses mag geen geweld gebruik word nie. Harde woorde verskrik en verbouereer die kind sodanig dat hy nie eens weet wat hom toegesnou word nie. In so'n toestand, as sy gedagtes verstrooi en sy gemoed versteur is deur hewige emosie, veral vrees, is dit onmoontlik om die kind iets te leer. Dis net so onmoontlik „to draw fair and regular characters on a trembling mind as on a shaking paper". Kalmte van gemoed is 'n sine quâ non vir vrugbare

---

1. Locke : Thoughts, 74, p.57-8.
2. Locke : Thoughts, 76, p.59.
3. Locke : Thoughts, 74, p. 57.
4. Locke : Thoughts, 129, p.101.
5. Locke : Thoughts, 150-5, pp.117-9.

onderwys. Daarom moet saggies gehandel word met kinderlike skoolfoute: onoplettendheid, vergeetagtigheid, afdwaling van gedagtes, lees-, skryf- en taalfoute. Lyfstraf of selfs harde woorde vir hierdie tipe oortreding sou die onderwyser tot „a constant terror" vir sy leerlinge maak. Aanmoedigende woorde, hulp waar hul vassteek, teerheid en liefde is veel meer doeltreffend. Die gesag wat hy oor hulle het moet so deur voortdurende blyke van sy tere liefde en goedgesindheid getemper wees dat plig en gehoorsaamheid vir hulle tot 'n saak van toegeneentheid en vreugde word. „This will keep their thoughts easy and free, whilst they are with him, the only temper wherein the mind is capable of receiving new informations". Net één soort oortreding, koppigheid en moedswillige versuim, moet met geweld uitgeroei word, desnoods deur lyfstraf toe te dien - en selfs dit kon in die meeste gevalle verhoed gewees het „if needless and misapplied roughness had not taught them ill-nature" 1).

Behalwe die bogenoemde wenk om die kind met behulp van dobbelsteen-speletjies te leer lees en woorde bou, gee Locke nog verskeie ander wenke vir die besondere en die algemene metodiek, wat dieselfde vryheidsgees adem. Die moedertaal moet die kind leer praat en skrywe hoofsaaklik deur middel van verhaaltjies 2); Latyn behoort, soos die moedertaal, in hom „ingepraat" te word, sonder enige grammatikareëls, of die nagmerrie van Latynse opstelle en verse te maak 3).

Wat die metode van aanvangsonderwys in die moedertaal betref, sê Adamson selfs: „The best modern practice is but an elaboration of what stands written in "Some Thoughts" 4). Locke se algemene metodiese wenke 5) wat ons veral in die „Conduct" vind, is hoofsaaklik daarop bereken om die onderwys maklik te maak. Hy beveel

1. Locke : Thoughts, 167, pp.131-3.
2. Locke : Thoughts, 189, p.155.
3. Locke : Thoughts, 165, 171-5, pp.127, 139-142.
4. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.17.
5. Sien Laurie : Studies in the Hist. pp.223-4.

aan: (1) dat ons die analitiese metode volg deur moeilikhede tot hul aparte onderdele te ontleed, totdat wat eers „wrapt up in impenetrable obscurity" gelyk het oop en bloot voor ons verstand lê 1); (2) dat ons stap vir stap voortgaan: „The surest way for a learner is .... not to advance by jumps and large strides; let that which he sets himself to learn next be indeed the next, i.e. as nearly conjoined with what he knows already as is possible" 2); (3) dat ons bietjie vir bietjie byleer: „let it be as little at once as may be, that its advance may be clear and sure" 3); en (4) dat ons die gemoed van die leerling voorberei deur dit met 'n gees van vryheid en kalmte, aandag en belangstelling te vul, en deur 'n innerlike motivering te verskaf wat op een van die kind se sterkste dryfkragte berus, nl. sy drang om te speel en besig te wees. Hierdie vryheid en spel, aangenaamheid en maklikheid, inagneming van die kindernatuur en die veroordeling van alle geweld in die onderwysmetode van die „Thoughts" tref ons as merkwaardig eensydig.

Gesagsbeginsels om die vryheid in die intellektuele opvoeding te temper, skitter deur hul skaarsheid - en dit ten spyte van die feit dat in die liggaamlike en die sedelike opvoeding harding en gesag so in die ooglopend is dat hul aan Locke die stempel van hoofverteenwoordiger van die dissiplinerende opvoeding help besorg het. Die eensydigheid word des te merkwaardiger omdat die tabula rasa-leer, konsekwent deurgevoer, Locke noodwendig daartoe moes lei om feitlik alles van die gesag van die opvoeder te verwag en die kindergees tot „almost unlimited receptivity" 4) te doem. Gesag word egter slegs vermeld as uiterste middel om te verhoed dat die kind sy vryheid misbruik om kwaad te doen of disrespekvol teenoor volwassenes te wees; verder om die groter kind soms opsetlik voor denkmoeilikhede te plaas 5)

---

1. Locke : Conduct, 39, p.249.
2. Locke : Conduct, 39, p.250.
3. Locke : Conduct, 39, p.250.
4. McCallister : The Growth of Freedom in Education, p.188.
5. Locke : Thoughts, 167, p.129.

en hom tot selfbeheersing te oefen sodat hy na willekeur van 'n interessante na 'n minder interessante taak kan oorskakel 1). Origens heers daar in die onderwysmetode van die „Thoughts" haas onbeperkte vryheid.

Die „Conduct" darenteen is met reg „a treatise on mental discipline" genoem, en is as sodanig volgens Laurie „in complete discord" met die intellektuele opvoeding van die „Thoughts" 2). Om die magtige bouwerk van die kennis binne te dring vereis inspanning en arbeid, sê Locke. „God has made the intellectual world harmonious and beautiful without us, but it will never come into our heads all at once; we must bring it home piecemeal, and there set it up <u>by our own industry</u> 3). Die waarheid, ewemin as ryk goudmyne, word selde somaar op die oppervlakte aangetref sonder om diep te delf. Die natuur bewaar gewoonlik haar skatte en juwele in rotsagtige aarde. „If the matter be knotty and the sense lies deep, the mind must stop and buckle to it, and stick upon it with labour and thought and close contemplation, and not leave it till it has mastered the difficulty and got possession of the truth" 4).

Terwyl in die „Thoughts" geen sprake van dissipplinering van die intelleк was nie, slegs van die sedes en die liggaam, word hierdie leemte in die „Conduct" aangevul. Dit was 'n ernstige tekortkoming, want, soos Laurie tereg aantoon, „we cannot separate the intellectual and moral nature,.... the discipline of the intellect is a discipline of the will, and indirectly a training to virtue" 5).

Hierdie dissipline van die intellek kan volgens 'n indeling wat Laurie aangee, verkry word (1) deur 'n ontleding van woorde as die draers van dinge, (2) deur 'n ontleding en heropbouing in

---

1. Locke : Thoughts, 75, p.58.
2. Laurie : Studies in the Hist. of educ. Opinion... p.232.
3. Locke : Conduct, 38, p.248. (Onderstreping deur my).
4. Locke : Conduct, 28, pp. 228-9.
5. Laurie : Studies in the Hist. of educ. Opinion...; p.225.

ons eie gees van die redeneergang in die boeke wat ons lees, en (3) deur die oefening van ons eie rederneervermoë 1).

'n Woord is 'n simbool vir 'n bepaalde begrip. Om tot ware kennis te kom moet ons ons gees oefen totdat ons 'n duidelike voorstelling van elke ding het, met 'n vaste naam daarvoor, „not amuse ourselves with floating names and words of indetermined signification which we can use in several senses to serve a turn" 2).

Die lees van honderde boeke bring vir ons nog niks meer as blote tweedehandse of hoorsê-kennis nie. „It is thinking makes what we read ours. We are of the ruminating kind... As far as we apprehend and see the connexion of ideas, so far it is ours". Oefening is nodig om elke argument tot by sy oorsprong na te spoor en sy formele juistheid te beoordeel, „The mind should by severe rules be tied down to this, at first uneasy task; use and exercise will give it facility". Diegene wat hierdie vermoë verwerf het besit die sleutel tot boeke, wat hul deur die doolhof van opinies tot die waarheid kan lei 3).

Vaardigheid in die redeneerkuns kom ook nie sonder langdurige oefening nie. Net soos die graveerkunstenaar, die toudanser of die skilder jare lank sy hand of die betrokke spiere moes oefen om sy vaardigheid te verwerf, „Just so it is in the mind; would you have a man reason well, you must use him to it betimes, exercise his mind in observing the connexion of ideas and following them in train. Nothing does this better than mathematics 4).

Met hierdie gedagtes van Locke oor die oefening in die redeneerkuns beland ons midde in die vraagstuk van formele dissipline. As dit die strekking van sy pleidooi is, soos nog taamlik

---

1. Laurie : Studies in the Hist. of educ. Opinion, p.226.
2. Locke : Conduct, 15, p.212.
3. Locke : Conduct, 20, pp.216-8.
4. Locke : Conduct, 6, pp.194-6.

algemeen aanvaar word, dan moet ons hom van gesagsmisbruik en geweldpleging teen die vryheid van die kind beskuldig. Immers die voorstanders van die formele dissipline het nie na die aard en aanleg, neigings en belangstelling van die kind gevra nie, maar eenvoudig na die „swaarste" vakke, veral wiskunde en Latyn om die „vermoëns" van redenering en geheue te oefen soos 'n spier geoefen word; want daarmee sou die opvoedingswerk feitlik afgedaan wees, die oefening wat hulle in die dissiplinerende vakke opgedoen het, sou vanself oorgedra word op alle ander vakke en lewensituasies. Spesiale voorbereiding vir besondere beroepe en spesiale ontwikkeling van besondere aanleg was oorbodig, veral verbeeldingskrag en estetiese sin is met onguns betrag, want die beste voorbereiding vir enige man vir enige beroep was die oefening van sy redeneervermoë en sy geheue 1). Die neiging was dus weg van individualisme en vryheid, in die rigting van die massa-produksie van formeel-geoefende verstandelike vermoëns.

Wel het Locke hom skuldig gemaak aan die misleidende analogie tussen spieroefening en verstandsvorming, wel is hy die man wat die liefIingsvak van die formele dissiplineskool, wiskunde, gepopulariseer het; wel is sy bewering dat die skoolvakke van die leerling maar „the exercises of his faculties, and employment of his time 2) is, vatbaar vir die interpretasie „that it is the process of learning rather than the thing learned that is the important and determining thing in education" 3); en wel impliseer Locke se tabula rasa-teorie dat die menslike gees aanvanklik 'n „lugleegte" is wat sy vermoëns en kragte van buite af ontvang deur die streng dissipline van gewoontevorming. Nogtans is die hele gees wat Locke se werke adem in stryd met die engheid wat uit die praktyk van die skoolmeesters van die formele dissipline

---

1. Sien Monroe : A Text-book in the Hist. of Educ., pp.507-512; Duggan : A Student's Text-book in the Hist.of Educ., pp.183,187.
2. Locke : Thoughts, 94, p.76.
3. Monroe : A text-book in the Hist. of Educ., p.508.

straal: die geestesruimheid van die soek na waarheid in stede van die dressering van vermoëns as doel van die intellektuele opvoeding; die wye kontakte in plaas van een of twee dissiplinerende vakke as inhoud; die besliste verwerping van die teorie van formele oefening en verbetering van die geheue deur 'n maksimum memoriseerwerk 1); en die uitsluiting van die interpretasie as sou die verstandsoefening wat die wiskunde verskaf haas outomaties op alle ander gebiede oorgedra word. Locke druk juis sy doel met die studie van wiskunde uiters versigtig uit: „that having got the way of reasoning, which that study necessarily brings the mind to, they might be able to transfer it to other parts of knowledge as they shall have occasion" 2). Merkwaardig is die ooreenkoms met 'n moderne verdediging van die kern van waarheid in die teorie van die formele dissipline: dit is juis „the habits of application, the methods of attack, and, above all, the ideals or ambitions", wat in die studie van een vak verwerf word, wat met voordeel op ander mag oordra 3). Adamson 4) het reeds daarop gewys, maar dis veral McCallister 5) wat in 'n skitterende verdediging afdoende bewys, dat dit 'n onreg teenoor Locke is om hom te bestempel as „the originator of an educational fallacy" - die vader van die formele dissipline.

Ons moet egter onderskei tussen die formele dissipline en die dissiplinerende opvoeding. Aan die eerste is Locke onskuldig, van die tweede is hy 'n welsprekende pleitbesorger. Die eerste moet uiteraard dwang op die kind meebring, die tweede nie noodwendig nie, mits „at one and the same time the discipline tends to be pleasurable". En dit, so betoog McCallister tereg, is juis Locke se standpunt. Inderdaad kan hier in ieder geval

1. Locke : Thoughts, 176, pp.143-4.
2. Locke : Conduct, 7, p.198. (Onderstreping deur my).
3. Dumville, B.: „Formal Discipline" in Watson : Encycl. and Dict. of Educ., ii, p.632 (Onderstreping deur my).
4. Adamson : The educational writings of J.Locke, p.143, voetnoot
5. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., pp.189-194.

geen sprake van dwang van buite, deur 'n opvoeder, wees nie, want in die „Conduct", waaroor dit in die eerste instansie hier gaan, het ons hoofsaaklik met selfopvoeding te doen. Maar ook waar die opvoeder van die jonger kind wel 'n aandeel aan die dissiplinering van sy intellek het, kan ons ons by McCallister se bevinding aansluit, naamlik dat Locke se begeerte duidelik blyk „to find even in early years some form of incipient reason which might be regulated and strengthened by appropriate treatment", en dat ten spyte van sy „emphasis of disciplines...., his conceptions are neither formal nor merely disciplinary, and he shows clearly that disciplines are not necessarily inconsistent with the pupil's inclinations and interests" 1).

Die getuienis van Locke se vryheidsbeginsels in die onderwysmetode van die „Thoughts" is te sterk dat ons hom van dwang in die intellektuele dissipline sou kan verdink. Inteendeel, as die „Conduct" met sy beklemtoning van dissiplinering van die verstand nie geskryf was nie, sou ons Locke, op grond van die „Thoughts" alleen, van suikerpedagogiek moes beskuldig het. Sy oortuigende pleidooi dat die onderwys vir die kind 'n vreugde en genot gemaak moet word, sy pleidooi vir vryheid om waarlik kind te wees, vir vryheid in alles behalwe kwaaddoen, vir vryheid om die werk uit te stel totdat die regte stemming daar is, vir toepassing van die speelbeginsel, vir verbanning van alle geweld, vir individualisering, vir opwekking van die kind se begeerte om te leer as die beste motivering - dit vorm alles 'n kostelike bydrae tot die vryheidsbeginsel in die onderwys, maar dit alleen is nog nie daarop bereken om mense met 'n stale pligsbesef te vorm, wat hul wil aan 'n hoër wet as die van genot kan onderwerp nie. Locke se benadrukking van die speelbeginsel, sê Adamson, is dan ook deur sy volgelinge verdraai, bv. Basedow, „who made learning synonymous with amusement, and therefore thought it

1. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.188.

necessary to coax and wheedle children into learning... Not amusement nor distraction, but the desire to effect some cherished purpose is the strongest motive that can move the learner 1). As ons die kind kan leer om behae daarin te skep om sy moeilikhede te oorkom, dan kan ons altyd seker wees van hierdie motivering. Maar dít leer 'n mens juis nie as alle moeilikhede altyd tot aangenaamhede versuiker word nie. Daardeur word die kind 'n onreg aangedoen, want die geleentheid word hom ontneem om druk op homself uit te oefen, en deur inspanning die intellektuele - en morele - gewoonte van volharding en pligsbetragting aan te kweek. „This is the truest of all discipline. It is not merely an intellectual, but a moral, discipline. Energizing of will to overcome difficulty is the root of all virtue", aldus Laurie 2). Die ideaal bly nog altyd om die kind sover te kry om behae in sy werk te skep eenvoudig omdat dit sy plig is, Maar ook hierin bly Locke in gebreke om ons positiewe raad te gee. Adamson erken met spyt „that Locke does not help us much by direct recommendation to get the boy to adopt the maxim, „Duty for duty's sake". He probably thought it beyond the reach of the child, and trusted to the general character of the training given to implant it later and in due course" 3). Wanneer hy in die „Conduct" die intellektuele dissipline beskrywe, tref ons reeds die jong man met die begeerde drang tot selfopvoeding en selfdissiplinering aan. Hoe die seun uit die vryheidskool van die „Thoughts" tot die jong man van die „Conduct" ontwikkel het, word nie baie duidelik geskilder nie. Elk op sigself, die vryheid van die „Thoughts" en die dissipline van die „Conduct", is 'n waardevolle bydrae. Van die verhouding tussen die twee is dit moeilik om 'n helder beeld te kry. Soms wil dit voorkom of nie alleen die twee boeke nie, maar ook die twee begrippe, vryheid

---

1. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.16.
2. Laurie : Studies in the Hist. of educ. Opinion, p.194.
3. Adamson : The educ. writings of J.Locke, pp.15-16.

en gesag in die intellektuele opvoeding, vir Locke nie 'n duidelikomlynde eenheid gevorm het nie.

(d) Die Inhoud.

Onder die inhoud van die opvoeding skenk Locke oorweging aan die studievakke en ontspanningsbedrywighede.

Die toetssteen by die keuse van studievakke is die rede van die opvoeder; maar die gesag van die rede moet die vryheid van die opvoedeling waarborg. As iets rasioneel is, kan dit nie teen die natuur wees nie, so redeneer Locke, want rede en natuur is sinoniem. Om vryheid te verseker skryf die rede dan eerstens voor dat die leerstof rasioneel moet wees. Tweedens geld die beginsel: „Niks teen die aanleg nie" 1). Die derde maatstaf is: Nut in plaas van tradisie. Daarom is Latyn wel 'n vereiste vir 'n „gentleman", maar vir die ambagte en 'n handelsloopbaan moet boekhou die sinlose tradisie van Latyn-vir-almal virgoed onttroon 2). Vierdens eis hy „real knowledge" in plaas van blote woorde; daarom moet aan die Latynse woorde wat die kind leer soveel as moontlik kennis van minerale, plante, diere, aardrykskunde ens. verbind word 3). Vyfdens beveel hy 'n wye verskeidenheid van vakke aan, nie „as a variety and stock of <u>knowledge</u>, but a variety and <u>freedom of thinking</u>", dus om die kind met alle moontlike metodes van ondersoek en redenering in aanraking te bring 4), en hom teen die slawerny van engheid van blik te vrywaar. Dis in hierdie verband dat hy wiskunde noem omdat dit die noodsaaklike oefening in die regte redeneermetode gee en „a due freedom to their understandings, that they might not be led into error by presumption, laziness, or precipitancy"5) Hierdie hele siening is beslis vreemd aan die engheid en formalisme van die formele dissipline.

---

1. Locke : Thoughts, 161, p.124.
2. Locke : Thoughts, 164, pp.125-6.
3. Locke : Thoughts, 169, p.138.
4. Locke : Conduct, 19, pp.215 - 6 (Onderstreping deur my).
5. Locke : Conduct, 7, pp.198-9.

Reeds by die eerste eis, naamlik dat die leerstof rasioneel moet wees, sou Locke se rasionele vryheid vir minstens een soort aanleg tirannie wees: vir die digterlike en kunssinnige natuur. As 'n kind 'n „poetic vein" het, meen Locke, „the parents should labour to have it stifled and suppressed as much as may be", want dis 'n onvrugbare, onvoordelige beroep, waarmee hy sy hele erfenis sal deurbring! 1). Adamson se gevolgtrekking is dat „(Locke) seems to have been by constitution deficient in appreciation for imaginative work, when he was not suspicious that its tendency was irrational" 2). In die tweede eis is Locke dus ook nie konsekwent nie: Niks mag positief teen die aanleg aangeleer word nie, maar negatief mag 'n kosbare begaafdheid wel doodgesmoor word! Dit bewys afdoende dat die koudbloedige rede geen bevoegde gesag is om oor die estetiese sy van die opvoedingsinhoud te oordeel nie.

Reeds die ruim plek wat Locke aan ontspanning naas studie toestaan is 'n bewys van sy erkenning van die vryheidsbeginsel in die inhoud van die opvoeding. Ontspanning is noodsaaklik, veral vir jongmense, sê hy. Ons gees kan nie gedurig besig wees om te leer nie. „The weakness of our constitutions, both of mind and body, requires that we should be often unbent: and he that will make a good use of any part of his life, must allow a large portion of it to recreation" 3).

Die eerste eis wat aan ontspanning gestel moet word, is dat dit genot moet verskaf. Dus moet hier, meer as ooit, dwang vermy en aanleg in aanmerking geneem word 4). Om egter ontaarding van hierdie vryheid te verhoed bepaal die rede-gesag van die opvoeder dat die ontspanning nie irrasioneel, dwaas, gevaarlik, sedebederwend of blote ledigheid mag wees nie (veral met die oog op plesier), en, waar enigsins moontlik, ook nuttig.

---

1. Locke : Thougts, 174, p.141.
2. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.18.
3. Locke : Thoughts, 197, p.166.
4. Locke : Thoughts, 202, p.169.

Locke beveel twee soorte ontspanning aan. Eerstens is daar die sogenaamde „accomplishments" en blote vermaak van jongmense - „the innocent diversions in fashion amongst those of his age and condition,....(their) gaieties...., idle and jovial conversation, and all fashionable becoming recreations" 1). Hieraan moet die jongman deelneem, maar nie aan nuttelose en gevaarlike tydverdrywe soos „cards, dice and drinking..., those foolish or ill ways in use..., which a rational man, till corrupted by custom, could find very little pleasure in" 2). Tweedens moet hy minstens een soort handwerk leer, indien moontlik twee of drie, veral tuinmaak en houtwerk - in eerste instansie om die afleiding wat dit verskaf, maar ook omdat dit terselfdertyd nuttige en gesonde ontspanningsvorme is 3).

By die keuse van studievakke oorweeg dus die gesag van die rede; maar die gesag mag die vryheid nie geweld aandoen nie. By die ontspanning darenteen is genot hoofsaak, maar die vryheid moet getemper word deur die rasionele eise van die gesag. As ons Locke se oordeel oor musiek as 'n afleiding egter lees 4), dan blyk dit dat ook hier die koue rede en die utilistiese nutsgedagte nie bevoeg is om die wesenlike aard van ontspanning te waardeer nie.

(c) <u>Die Tug</u>.

Die doel wat Locke met die tug beoog is deug: "It is virtue then, direct virtue, which is the hard and valuable part to be aimed at in education ..... This is the solid and substantial good....(which) the labour and art of education should furnish the mind with, and fasten there, and never cease till the young man had a true relish of it, and placed his strength, his glory, and his pleasure in it 5). Die grondslag van Christelike vroom-

---

1. Locke : Thoughts, 208, p.172.
2. Locke : Thoughts, 207, p.172.
3. Locke : Thoughts, 201, 202, 204, 207, pp.169-172.
4. Locke : Thoughts, 197, p.165.
5. Locke : Thoughts, 70, p.54.

heid en deug lê in die „principling of the youth", d.w.s. in selfverloëning, dissiplinering van die begeertes deur onderwerping aan die rede. „He that has not a mastery over his inclinations, he that knows not how to resist the importunity of present pleasure or pain, for the sake of what reason tells him is fit to be done, wants the true principle of virtue"1). Opvoeding tot deug is dus 'n opvoeding tot redelikheid - dit is die kern van Locke se opvoedingsteorie 2). Maar die opvoeder kan nie vir altyd by die kind bly nie. „Every man must some time or other be <u>trusted to himself</u>, and his own conduct; and he that is a good, a virtuous, and able man, <u>must be made so within</u>. And therefore, what he is to receive from education, what is to sway and influence his life, must be something put into him betimes, habits <u>woven into the very principles of his nature</u>; and not a counterfeit carriage, and dissembled outside, put on by fear...." 3). Deug en redelikheid en dissiplinering mag dus nie 'n onderwerping aan gesag van buite wees nie, maar die uitlewing van 'n innerlike beginsel: vryheid.

By die middele waardeur die kind tot hierdie vryheid opgevoed moet word stuit Locke ook voor die eeuoue, tergende geheim van die opvoeding: die skynbare teëstelling tussen vryheid en gesag. "He that has found a way, how to keep up a child's spirit, easy, active, and free; and yet, at the same time to restrain him from many things he has a mind to, and to draw him to things that are uneasy to him; he, I say, that knows how to reconcile these seeming contradictions, has, in my opinion, got the true secret of education" 4). Locke se oplossing berus op die ontwikkeling van die kind tot 'n redelike wese. Hy beveel naamlik aan dat die kind in sy kleinkinderjare, wanneer hy nog nie self kan oordeel nie, aan 'n absolute, onwrikbare gesag onderworp moet word;

---

1. Locke : Thoughts, 45, p.35.
2. McCallister : The growth of Freedom in Educ., p.185.
3. Locke : Thoughts, 42, p.34.
4. Locke : Thoughts, 46, pp.35-6.

om dan, namate sy redelikheid ontwikkel, met minder strengheid en meer vryheid bejeën te word, totdat hy uiteindelik as redelike wese alle gesag van buite ontgroei het en net op die vryheid van sy eie rede aangewys is. Sonder dat Locke dus bewustelik van 'n indeling in periodes praat, neem ons tog hier drie periodes in die kind se lewe waar, elk met 'n eie tugmetode: die gesagsperiode aan die begin, die vryheidsperiode aan die einde, met vanselfsprekend 'n oorgangsperiode daartussenin.

Ons vergelyk vervolgens die drie periodes met mekaar ten opsigte van Locke se beskouing oor die kind, die verhouding tussen opvoeder en opvoedeling, en die middele wat vir die tug aangewend moet word.

Gedurende die kleinkinderjare is die kinders nog geen redelike wesens nie; hulle word nog deur hul „unruly and disorderly appetites" regeer; „their want of judgment makes them stand in need of restraint and discipline" 1). Heel gou egter, sodra die kind sy verstand kan begin gebruik, moet die opvoeder hom as vrye redelike wese behandel. „(Children) love to be treated as rational creatures, sooner than is imagined". Daarom moet opvoeders hierdie trots in hulle aanmoedig en dit die grootste instrument maak om hulle te regeer 2). In die „Conduct" sou die mens die erenaam, redelike wese, eers na jarelange intellektuele dissipline verwerf 3); hier ken Locke dit reeds aan die jong kind toe. Ook is hulle ewe gesteld daarop as die trotsste volwassene om te wys dat hulle vry en onafhanklik is, en hul goeie dade uit hul eie doen 4). Des te meer moet opvoeders die kind, wanneer hy groot is, as 'n vrye, redelike wese erken, presies soos die volwassene, wat so trots is op sy redelikheid en sy vryheid. Op hierdie stadium immers moet hy moreel op eie bene staan, en uit eie vrye beginsel deugsaam lewe.

---

1. Locke : Thoughts, 40, p.32.
2. Locke : Thoughts, 81, p.64; cf. ibid., 54, p.39.
3. Locke : Conduct, 6, p.196.
4. Locke : Thoughts, 73, p.57.

Op grond van hierdie gebrek aan redelikheid moet die verhouding van opvoedeling tot opvoeder gedurende die kleinkinderjare dié van „onderworpe onderdaan" tot sy „absolute heerser" wees. Klein kindertjies moet hul ouers beskou „as their lords, their absolute governors; and as such stand in awe of them" 1). So'n inskiklikheid en soepelheid van hul wil sal vir hulle later doodnatuurlik voorkom, mits dit begin word nog voordat die kind 'n geheue het om dit te onthou, en dit met onwrikbare strengheid volgehou word 2). Sodra hulle tekens van ontluikende redelikheid toon moet die strengheid egter verslap, en vermeng word met „as much indulgence, as they make not an ill use of" 3) Vrees en ontsag moet nou voortdurend deur blyke van liefde en teerheid getemper word. Die opvoeder moet self eerbied vir die kind as 'n vrye, redelike wese koester 4). Aan die einde van hierdie oorgangsperiode moet die verhouding tussen opvoeder en opvoedeling wees soos Locke dit in die volgende samevatting van sy tugmetode weergee: „When, by making your son sensible that he....is in your power, you have <u>established your authority</u>; and by being <u>inflexibly severe</u> in your carriage to him, when obstinately persisting in any ill-natured trick which you have forbidden, especially lying, you have imprinted on his mind that <u>awe</u> which is necessary; and on the other side, when (by permitting him the <u>full liberty due to his age</u>, and laying <u>no restraint</u> in your presence to those <u>childish actions</u>, and gaiety of carriage, which, whilst he is very young, is as necessary to him as meat or sleep) you have <u>reconciled him</u> to your company, and made him sensible of your <u>care and love</u> of him by <u>indulgence and tenderness</u>,......: when, I say, by these ways of tenderness and affection, which parents never want for their children, you have also planted in

---

1. Locke : Thoughts, 40, 41, pp.32-3.
2. Locke : Thoughts, 44, p.34.
3. Locke : Thoughts, 44, p.34.
4. Locke : Thoughts, 71, pp.55-6.

him a particular affection for you, he is then in the state you could desire, and you have formed in his mind that true reverence which is always afterwards carefully to be increased and maintained in both parts of it, love and fear, as the great principles whereby you will always have hold upon him to turn his mind to the ways of virtue and honour" 1). Liefde en vrees, vryheid en gesag, vorm dus die grondslae van die ware ontsag vir die opvoeder, wat die kind tot die deug moet lei. In die derde stadium, wanneer die seun 'n jongman geword het, moet daar 'n hegte vriendskap en kameraadskap, soos tussen gelykes, tussen vader en seun (en des te meer tussen opvoeder en seun) bestaan. Dan moet die opvoeder geen „command or authority" meer uitoefen nie 2). Die jongman is immers nou „aan homself toevertrou"; voortaan is hy sy eie opvoeder, wat die beginsel van die deug in die vryheid van sy eie rede omdra.

Strenge gesag is by uitstek die middel waardeur die klein kindjie tot onderwerping van sy wil, tot onderdanigheid en gehoorsaamheid, beteueling van sy ongetemde begeertes en neigings, en tot vrees en ontsag vir die opvoeder gebring moet word. „Liberty and indulgence can do no good to children" 3). Dit bederf hulle net, en dan is ouers later verbaas dat hulle die kind nie weer in toom kan kry nie 4). Kinders moet van heel kleins af tot onderwerping en onderdrukking van hul begeertes gebring word - tot „mastery over their inclinations, and ....stifling their desires as soon as they rise up in them" 5). Hulle moet leer dat dinge aan hulle gegee word, nie omdat hulle daarvoor lus het nie, maar omdat die opvoeder weet wat vir hulle goed is - dus omdat die rede dit goedkeur. Daarom beveel hy aan dat „children should be used to .... go without their longings, even

1. Locke : Thoughts, 99, pp.81-2. (Onderstreping deur my.)
2. Locke : ibid., 95-7, pp.78-80.
3. Locke : ibid., 40, p.32; cf. 42, p.32; 44, p.34.
4. Locke : ibid., 35, p.30.
5. Locke : ibid., 107, pp.84-5.

from their very cradles" 1). Om dié rede moet die opvoeder alles weier wat die kind begeer, veral as hy dit durf vra, en destemeer as hy daaroor huil 2). Slegs op dié wyse kan verkeerde neigings, soos „craving", baasspelerigheid, huilery, ens. uitgeroei word. Om nie van kindermishandeling verdink te word nie, voeg Locke egter daarby dat hierdie strengheid van gesag nie strengheid van straf beteken nie. „Great severity of punishment does but little good" 3). Maar daar is één fout waarvoor lyfstraf noodsaaklik is, en dit is koppigheid - „obstinacy and rebellion" 4) - want dit is die opperste oortreding, nl. minagting van die gesag. En as 'n kind huil onder 'n pak slae moet hy nog meer geslaan word, totdat hy ophou met huil, want die huilery is 'n teken van volgehoue verset! 5). Locke prys die voorbeeld van 'n „verstandige" moeder aan, wat by so 'n geleentheid haar baba-dogtertjie „at her first coming home from nurse"(!) op één môre agt pakke slae moes gee („noodgedwonge"!), voordat sy haar koppigheid oorwin het. As sy by die sewende opgehou het, sou sy haar vir altyd in haar kwaad gesterk het, „but wisely persisting, till she had bent her mind and suppled her will, the only end of correction and chastisement, she established her authority thoroughly in the very first occasions, and had ever after a very ready compliance and obedience in all things from her daughter" 6). Kritiek op die „monsteragtige gedrag" 7) van hierdie vrou is byna oorbodig. Tog keur Locke dit goed as 'n geval wat sy vier waarskuwings duidelik illustreer: (1) Lyfstraf moet die hoogste uitsondering bly, want (2) as jy eenmaal begin slaan het, moet jy aanhou totdat jy jou doel bereik het, naamlik dat die kind berou toon deur stil te bly; daarom mag jy (3) nie in drif straf nie, maar kalm, en met tussenposes om met die kind

---

1. Locke : Thoughts, 38, p.31.
2. Locke : ibid., 106, p.84.
3. Locke : ibid., 43, p.34.
4. Locke : ibid., 78, p.61; 79, p.63.
5. Locke : ibid., 112, p.88.
6. Locke : ibid., 77, pp.61-2.
7. Laurie : Studies in the Hist. of educ. Opinion, p.196.

te praat, sodat jy die straf kan staak presies waar die berou intree, nie eerder en nie later nie; en (4) „Maak seker dat dit koppigheid is en niks anders nie" 1). Blykbaar, sê Adamson 2), het die moeder die vierde waarskuwing nie nagekom nie. Klaarblyklik nie!

In die belangrike middelperiode moet geweld plek maak vir vryheidsmiddele en gematigde gesagsmiddele. Die leuse, „Gesag eerste", word neergehaal, en „Geen geweld" in die plek daarvan gehys. Lyfstraf is die luiste en ongeskikste tugmiddel wat ooit aangewend kan word. Dis 'n versterking in plaas van 'n oorwinning van ons sinnelike natuur, 'n beroep op ons natuurlike neiging om sinlike genot te soek en fisiese pyn te vermy - „that which is the root of all vicious and wrong actions". Dit wek óf halsstarrigheid, óf onderduimsheid en huigelary, óf dit breek die wil - wat 'n erger en baie gevaarliker siekte is, want „a low-spirited, moped creature....will probably prove as uncomfortable a thing to his friends, as he will be all his life an useless thing to himself and others" 3). Net vir die één fout, koppigheid en verset teen gesag, bly die eis van lyfstraf staan - maar ook die versagtende eise, dat die opvoeder die kind geen geweld mag aandoen nie, hom nie in drif moet slaan nie, maar tussenin kalm met hom moet redeneer, en as niks hoegenaamd wil help nie, dat hy dan ook maar moet ophou met slaan, want „beating when you can expect no good from it, will look more like the fury of an enraged enemy, than the good-will of a compassionate friend" 4).

Vryheidsmiddele moet in hierdie tweede periode so ver as moontlik die plek van geweld inneem. Die kind is nou 'n redelike wese; daarom moet die opvoeder strewe om die rede die vernaamste bepaler van sy wil te maak. Nou is dit die tyd om met die kind te redeneer, d.w.s. aan hom te verduidelik dat jy nie uit willekeur

---

1. Locke : Thoughts, 79, p.63; 78, pp.62-3.
2. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.62, voetnoot.
3. Locke : ibid., 47-51, pp.36-7; 46, p.35.
4. Locke ; ibid., 87, p.70.

of grille of hartstog handel nie, maar „that what you do is reasonable in you" 1). Nou is dit ook die tyd om 'n beroep op die kind se eergevoel en sy skaamtegevoel te doen. Hoop en vrees, beloning en straf, is die enigste waardige motiewe vir 'n redelike wese, dus ook vir 'n kind; maar dan moet hul nie van 'n fisiese aard wees nie, wel van 'n sedelike aard: eer en lof is die sterkste sedelike beloning, oneer en skande die doeltreffendste sedelike straf. Beskaming en onguns moet dus die natuurlike morele gevolg van die kind se verkeerde dade wees; lof, eer en roem dié van sy goeie dade. Die lof mag egter weer nie 'n soort lokaas of omkoopprys wees om hom op 'n bedekte wyse tot die goeie te dwing nie, maar 'n innerlike behae in die goedkeuring van sy meerderes, wat hom in eie vryheid aanvuur tot die goeie. So sal kinders van kleins af leer „that the things they delight in belong to, and are to be enjoyed by those only, who are in a state of reputation", en omgekeerd, om dié dinge te verafsku wat hulle die onguns van hul dierbares op die hals haal. „If by these means you can come once to shame them out of their faults, and make them in love with the pleasure of being well thought on...., they will be in love with all the ways of virtue"2) Wat Locke hier voorstel, sê Adamson 3), is in werklikheid 'n tug deur sedelike gevolge, wat deur Rousseau en Spencer later verdraai is tot 'n sogenaamde tug deur natuurlike gevolge. Locke beoog daardeur om 'n egte vryheidsmotief vir die kind se goeie dade in hom in te plant. Hy erken wel dat reputasie nie die ware maatstaf en beginsel van sedelikheid is nie, maar (tussen hakies!) pligsbesef en gehoorsaamheid aan die Skepper; nogtans beskou hy die goedkeuring van „other people's reasons" 'n geskikte gids en aansporing vir kinders totdat hulle self kan oordeel en „find what is right by their own reason" 4). Hoe ver

1. Locke : Thoughts, 31, p.65.
2. Locke : ibid., 85, p.41; ook 53-60, pp.38-42; 84,p.67; 107,p.85.
3. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.39, voetnoot.
4. Locke : Thoughts, 61, p.43.

hierdie menslike maatstaf, eersug, ons van die regte spoor kan aflei, bewys „twee stukkies advies wat vir Locke baie vyande besorg het" 1), nl. om kinders te laat kompeteer om mekaar uit te stof in mededeelsaamheid, en om in hul teenwoordigheid teenoor meerderes met hul kennis te spog! „Since we are all, even from our cradles, vain and proud creatures, let their vanity be flattered with things that will do them good...." 2).

Ook direkte vryheid moet nou aan die kind toegestaan word, soos ons reeds in Locke se onderwysmetode 3) gesien het: vryheid om kind te wees; vryheid om te speel en kinderagtig te wees, selfs kinderlike foute te begaan sonder om deur strengheid gekortwiek en deur straf gepenaliseer te word; vryheid ook in volwassenes se geselskap; altyd soveel vryheid as wat hy nie sal misbruik nie - vryheid in alles behalwe om kwaad te doen.

Benewens hierdie uitgesproke vryheidsmiddele (wat tog ook soms deur 'n mate van gesag gematig is), beveel Locke vir die tweede periode 'n derde groep middele aan, wat ons kan beskrywe as gesagsmiddele deur vryheid gematig. 'n Gewoonte word in die reël beskou as iets wat van buite af op die kind ingeplant word, teen sy natuur, en dus heel maklik 'n listige taktiek van die gesag kan wees om die kind 'n stukkie dwang ongemerk, druppelsgewyse, te laat indrink. Locke se hele sedelike opvoeding is 'n saak van gewoontevorming, dissiplinering, van natuurlike (!) begeertes en neigings; maar dis 'n onderwerping aan die hoër natuur van die rede. Die beginsel van redelikheid in die gewoontes wat vasgelê word moet die kind dus van dwang vrywaar. Maar Locke wil die redelike handelinge ook nog so in sy natuur instrengel tot „habits woven into the very principles of his nature" 4), dat dit waarlik tot 'n innerlike, 'n vryheidsmotief word. 'n Ander aspek van gewoontevorming is dié van inoefening versus

---

1. Adamson : The educ. writings of J.Locke, p.94, voetnoot.
2. Locke : Thoughts, 119, p.94. Sien 110, p.87.
3. Sien bo, pp.278 vv.
4. Locke : Thoughts, 42, p.34.

voorskrif. Locke veroordeel dit as 'n dwangmetode om die kind se geheue met reëls en voorskrifte te oorlaai, wat hy dikwels nie verstaan nie, en beveel aan dat die reël liewer oor en oor prakties ingeoefen word, onder toesig van die opvoeder, sodat dit 'n gewoonte- in plaas van 'n geheuesaak word. Die gesag eis dat daar reëls moet wees, maar die vryheid dat daar so min as moontlik moet wees. „Few years require but few laws" 1). By name moet sedelikheid byna uitsluitlik deur gewenning en beoefening geleer word, en slegs in die geringste mate deur voorskrif en onderrig, behalwe wat die Bybel gee 2). Ook die navolg van 'n voorbeeld is 'n gesagsmiddel omdat dit 'n patroon van buite op die kind se eie persoonlikheid afstempel; maar tog lê dit weer in die aard van die kind om na te boots – „children (nay, and men too) do most by example. We are all a sort of chameleons....", en as hul gemoed met eerbied en liefde vir hul ouers en opvoeders gevul word 3), dan is hierdie nabootsing allermins 'n uiterlike dwang, maar inteendeel 'n vrye, innerlike drang. Bowendien kan goeie en slegte maniere, deugde en ondeugde nooit helderder en doeltreffender vir die kind geïllustreer word as in die lewende voorbeelde rondom hom nie 4). Toesig is ook so'n middel waarin die gesag oorweeg, maar dis tenminste 'n gematigde, geen gewelddadige, metode om die kind van die kwaad, „in besonder die besmetting van slegte geselskap" weg te hou. Veral die adolesent, sê Locke, het behoefte aan leiding; daar is te veel gevalle van „great looseness, extravagancy and debauchery" bekend, waar die jongman skielik uit die beskerming van sy tutor weggeruk en in die wêreld uitgestoot is nadat hy in onkunde van die wêreld opgegroei het. „The only fence against the world is a thorough knowledge of it" 5). Hierdie wêreldkennis sou hy miskien bes

---

1. Locke : Thoughts, 64-66, pp.44-6.
2. Locke : ibid., 185, p.151.
3. Locke : ibid., 67, pp.46-8.
4. Locke : ibid., 82, p.65.
5. Locke : ibid., 94, p.73; 90, p.71.

in die vryheid van die openbare skool kan opdoen, maar „vice ....ripens so fast now-a-days, and runs up to seed so early in young people, that it is impossible to keep a lad from the spreading contagion, if you will venture him abroad in the herd"1) Daarom verkies Locke dat hy binne die beskermende mure van sy vaderhuis, onder toesig van sy tutor, deug en mensekennis en standvasitgheid leer, en dat hy daarom die vryheid moet geniet om vrylik in die goeie geselskap van die verskeidenheid van besoekers in sy ouerhuis te beweeg. So'n vryheid onder toesig kom sekerlik ietwat kunsmatig voor. Die kind moet nóg <u>van</u> die wêreld, nóg <u>in</u> die wêreld wees, maar tog die wêreld leer ken! Hoewel dit seker oordrewe is as Locke, wat sy sedelike opvoeding betref, beskuldig word van „distrusting nature altogether and placing his sole confidence in the effects of a systematical and vigilant discipline"2), nogtans skemer hier beslis 'n element van wantroue in die kindernatuur deur - óf reeds die wantroue in die bedorwe samelewing wat Rousseau laat besluit het om Emile in isolasie te laat opvoed. Dit kan ons te wagte wees in enige opvoedingstelsel waarin die heilsame werking van die genadeverbond en die verlossing deur Christus verwater is. Nog 'n laaste middel tref ons, met 'n mate van verbasing, by Locke aan: die gebed. As geeneen van al bogenoemde middele wil help nie, selfs nie lyfstraf nie, dan is dit 'n onbenydenswaardige geval. „If it be any father's misfortune to have a son thus perverse and untractable, I know not what more he can do but pray for him" 3). Blykbaar het net die onverbeterlikes wat nie vir die redelike middele van die opvoeder vatbaar is nie, gebed nodig.

Wanneer die laaste periode van volkome vryheid eindelik aangebreek het, het die opvoeder geen vat op sy opvoedeling deur uiterlike tugmiddele meer nie. Die liefde vir die opvoeder

---

1. Locke : Thoughts, 70, p.53.
2. Stewart,D. Aangeh. deur Laurie; Studies educ.Opin., p.189.
3. Locke : ibid., 87, p.70.

werk nog deur, maar dis veral die liefde vir deug en eerbaarheid wat die instrument moet wees om die jongman op die regte pad te hou 1), en boweal die beginsel van redelikheid. Deur onderwerping van sy wil aan die rede van ander in sy jonger jare moet hy as lewensreël vir sy later jare aanvaar het: „(to) hearken or submit to his own reason" 2).

Locke se soms verwarrende voorskrifte oor tug kan tot die volgende paar beginsels 3) herlei word: Laat vryheid die grootste en vernaamste wet wees. Lok en lei die kind in vryheid tot die goeie, die redelike - want hy is 'n redelike wese. Moenie dwing nie; moenie hom met strengheid en geweld afskrik nie. Maar die fondament van hierdie vryheid moet op gesag gelê word. Gesag is die eerste vereiste in die kleinkinderstadium. Eerbied vir gesag as „sentrale deug" moet dus ten alle koste so vroeg as moontlik in die kind se lewe ingeplant word. Uiterste strengheid is geoorloof om die gesag van die opvoeder eers gevestig te kry. Koppigheid moet met geweld, desnoods met lyfstraf, uitgeroei word, want dis niks minder as verset teen gesag nie. Maar sodra die ontsag eenmaal ingeboesem is moet vryheid en gematigde gesag alle strengheid vervang, totdat die jongman in vryheid aan die stem van sy eie rede oorgelaat kan word. Dan kan dwang, geweld en lyfstrawwe onherstelbare skade berokken.

(f) Kritiese Samevatting.

Die grondtendens van Locke se opvoedingsteorie is dit: Vryheid is dáár waar alle gesag van buite afgeskud is en slegs na die gesag van die eie rede geluister word!

Die doelstelling is: sedelike en intellektuele dissiplinering terwille van vryheid onder die heerskappy van die rede. Daar is geen sprake van onderwerping aan 'n objektiewe, absolute gesag as doel nie - of dit word hoogstens tussen hakies genoem! Locke

1. Locke : Thoughts, 42, p.33.
2. Locke : ibid., 36, p.30.
3. Cf.Laurie : Studies in the Hist. of educ. Opin., p.193.

se blote vryheidsdoel is eensydig in sy menslike beperktheid.

Daarom is daar dan ook geen sprake van 'n van God afgeleide gesag in aardse gesagsdraers : koning, owerheid, vader of tutor nie. Die kind is aan sy opvoeders gehoorsaam bloot omdat hul bevele redelik is - nie omdat die bevele van aardse plaasvervangers van God kom nie. Locke erken dus slegs wat Bavinck 1) noem sedelike, persoonlike gesag, geen juridiese, amptelike gesag wat uit die deur God ingestelde ampte voortvloei nie. Bowendien is hierdie gesag slegs van tydelike aard, net totdat die seun sy eie rede kan volg. Daarna het die vader geen gesag meer oor hom nie. Gehoorsaamheid is by Locke dus nooit 'n doel nie, slegs 'n middel.

Die kern van Locke se beskouing oor die kind is dat hy 'n redelike wese, 'n vry wese, en sy gees by geboorte 'n tabula rasa is. 'n Redelike wese is die kind, potensiëel ja, soos Locke self in die „Conduct" erken. Dus kan die opvoeder wel met die kind begin redeneer, maar dan moet hy verduidelik dat hy as opvoeder die kwaad moet teëgaan, omdat hy saam met die kind onder die gesag van God staan - nie bloot onder die gesag van redelikheid nie 2). Deur die kind as 'n redelike wese te erken, gee ons egter nie toe dat die rede, die intellek, die hoogste in hom is nie. Die siel („spirit") is „the most excellent and powerful part of creation" 3), soos Locke ook self erken. Potensiëel is die kind ook 'n vrye wese. Vryheid is egter nie net 'n reg - 'n „natuurreg" - waarop die mens kragtens sy mens-wees aanspraak mag maak nie, maar ook 'n voorreg wat verwerf moet word. Bowendien is die vryheid nie net aan die rede onderhewig nie, maar ook deur die gesag wat God oor die mens stel beperk. Die mens is wel vry as 'n aparte persoonlikheid wat deur God geskape is met sy eie individualiteit, maar gebonde aan die goddelike verordeninge vir die samelewingsverbande, gesin, maatskappy, kerk

---

1. Bavinck : Paedagogische Beginselen, p.123.
2. Sien bo p. 296.
3. Locke : Thoughts, 190, p.159.

staat, ens., waarin hy ingeskape is. Veral die tabula rasa-leer gee aanleiding tot eienaardige moeilikhede. Eintlik het Locke dit slegs op die terrein van die kenleer bedoel, nie op etiese gebied nie. Inteendeel, so sterk glo Locke nog aan die aangebore kwaad, dat hy daardeur tot wantroue in die kindernatuur 1) verlei word - die noodwendige gevolg wanneer naas die natuurlike verdorwenheid nie ook die leer van genade en verlossing kragtig gehandhaaf word nie. Maar Locke se navolgers het sy tabula rasa-teorie verdraai, ook op sedelike terrein oorgedra en al die pelagiaanse konsekwensies van natuurlike goedheid, onafhanklike moraal en natuurlike etiek daaruit getrek. Tog het Locke self tot hierdie oordrag op sedelike terrein aanleiding gegee deur sy leer dat verkeerde begeertes en neigings „are....to be weeded out, and contrary habits introduced" 2). Lynreg in stryd met die passiwiteit van die leerling wat hier geïmpliseer word, is andersyds sy erkenning van die eie individualiteit van elke kind, wat volgens Boyd 3) 'n kragtige stoot aan die moderne beginsel van opvoedkundige individualisme gegee het.

Op die gebied van die opvoedingsinhoud was Locke se beklemtoning van gesonde verstand en die nuttigheid van studies nogal 'n bevryding van die dwang van die uitgediende Latyn-tradisie. Tog is dit duidelik dat by die keuse van studievakke die nugtere rede nie die regter, en redelikheid nie die norm kan wees nie. As die rede die estetiese irrasioneel kan verklaar, dan is die godsdiens ook nie van sy plek in die leerplan verseker nie.

By die bespreking van die metode het ons gesien dat die opvatting as sou Locke die vader van die formele dissipline wees, nie steek hou nie. Die intellektuele dissipline wat hy eis is geen dwang nie, veeleer 'n intellektuele verruiming. Inteendeel, die gevaar van Locke se metode skuil eerder in te

---

1. Sien bo, p.300.
2. Locke : Thoughts, 105, p.84.
3. Sien bo, p. 273.

veel vryheid as in te min - eerder in die leer van neutraliteit in die wetenskap en in die pleidooi om die onderwys 'n vrye, aangename spel te maak, wat so welsprekend en oortuigend gestel is, dat Basedow c.s. dit verdraai en tot noodlottige uiterstes gevoer het.

In Locke se tugteorie is dit vryheid alleen wat beide as doel en as middel erken word. Gehoorsaamheid aan objektiewe gesag speel geen rol as 'n doelstelling nie, omdat gesag nie beskou word as aan God ontleen en deur God verleen nie, maar bloot as 'n gesag van die menslike rede. Daarom is gehoorsaamheid aan die gesag van die opvoeder slegs 'n tydelike hulpmiddel. Die gesag van die opvoeder mis dus die goddelike sanksie: vandaar Locke se dwaling van onmenslike strengheid teenoor die klein kind om ontsag vir die vader in te plant. Omdat hy die gesag wat God vir die verhouding tussen ouer en kind verorden het misken, misken hy nie alleen die natuurlike gesag van die ouer oor sy kind nie, maar ook die natuurlike liefde en ontsag van die kind vir sy ouer. Daarom beskou hy buitengewone strengheid noodsaaklik om by die kind die ontsag vir sy ouer in te boesem, wat tog in kiem reeds van nature daar is en deur 'n veel eenvoudiger en regverdiger optrede net versterk hoef te word. Laurie haal tereg aan: „Had Locke been a parent he might have known that there was no greater need of imperiousness and severity in dealing with infancy than in dealing with adolescence" 1). Locke se hele tugteorie vir die kleinkinderperiode is teennatuurlik. Om alles te weier wat die kind vra is op die minste onredelik, wreed en gevoelloos. As die kind sy begeertes nie teenoor sy ouers mag uitspreek nie, word alle vertroue en openhartigheid van die kind se kant gesmoor en sy verkeerde neigings deur gesagsoormag onderdruk in plaas van oorwin. Die regte weg is eerder, soos Laurie aantoon, dat die ouer hoër motiewe en

---

1. Daniell. Aangeh. deur Laurie : Studies in the Hist. of educ. Opinion, p.190.

ideale aan die kind moet voorhou en hom moet leer om self, in vryheid, die keuse te doen en sy laer begeertes aan die hoëre op te offer 1). Dwingelandy is ook Locke se eise dat as die kind huil onder 'n pak slae, die slae moet volgehou word totdat hy ophou met huil, en totdat hy sê hy is jammer. Dis in stryd met Locke se eie advies dat die opvoeder eers kalmte van gemoed moet verseker voordat hy vrugbare opvoedingswerk kan verwag. Die redelike optrede, wat ruimte aan die kind se vryheid laat is weer dié wat Laurie aanbeveel: Gee die pak slae, as dit moet, en kry klaar. Dis 'n kragtige manier om die kind te toon hoe afkeurenswaardig sy gedrag was. Maar stel eers 'n alternatief: as jy dít nie doen nie, moet jy dát doen - of die gevolge dra. Of by heel kleintjies is dit die doeltreffendste en gouste om hom „op 'n syspoor te rangeer om die botsing af te weer", d.w.s. sy aandag skielik op iets anders te vestig. As die bui oor is, kan daar kalm en met vrug gepraat word 2). Teenoor die strengheid van die kleinkinderperiode is die vryheids- en gematigde gesagsmiddele van die tweede periode veel meer in ooreenstemming met die eise van beide vryheid en gesag. Oordrewe prikkeling van die eersug is hier die vlieg in die salf. Origens het Locke, onder meer deur sy dappere verdediging van die stelling dat dit nie die kind se vryheid om kind te wees is wat teëgegaan moet word nie, maar sy vryheid om kwaad te doen, en deur sy eis dat reëls sorgvuldig tot gewoontes ingeoefen moet word in plaas van bloot gememoriseer te word, waardevolle bydraes tot 'n gesonde verhouding tussen vryheid en gesag in die tugmetode gelewer.

---

1. Laurie: Studies in the Hist. of educ. Opinion, p.202.
2. Sien Laurie : ibid., pp.196-7.